ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 Jg 2/3 Oktober 1992

# VDM

Jaargang 2/3 Nommer 4 Oktober 1992

## "Is jy heilig?"

"Is jy heilig?" Vra dit vir enige lidmaat en jy sal verbaas aangekyk word, asof jy 'n vreemdeling in Jerusalem is. Meen te sê ons is tog nie Rooms nie en ons ken ons eie sondigheid maar te goed. Gebruik ons dit dan nie heel dikwels as skuiwergat vir ons onbetrokkenheid of verkeerde dade nie? "Dominee weet ons is tog almal sondaars!"

> *..ons is tog almal sondaars en nog net in beginsel heilig..*

Die teoloogdominees weer, sal gou vir jou sê ja ons is heilig, maar net in beginsel. Ons is nog nie werklik heilig nie. Kyk maar net in die spieël en jy sien jouself soos wat jy is-sondaar. In Christus heilig, maar nog nie in realiteit nie.

Vreemd dat Paulus egter elke keer die gemeentelede aanspreek as heiliges. Al word hulle net in die volgende reël opgeroep om die sonde te laat staan, word hulle nie nou ewe skielik as sondaars aangespreek nie, maar steeds as heiliges. Vreemd? Nee, die blye boodskap van die evangelie wat ons nie net vryspreek nie, maar ook heilig maak en nie net in beginsel nie, maar werklik. 1 Kor. 1: 30 "*Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing*". Die ou vertaling gebruik nog die woord heiligmaking.

Net omdat ek soms en selfs heel dikwels sonde doen beteken dit mos nie my vryspraak is nog nie 'n werklikheid nie. Net so beteken die sonde wat ek doen mos nie ek is nog net in beginsel regverdig verklaar nie. Nou waarom werk dit by heiligmaking dan so?

> *Heiligmaking het nou 'n nuwe wet geword wat ekself moet nakom.*

Omdat dit maar net nog een van die maniere is waarop die volbragte heilswerk van Christus weer in 'n nuwe wet vasgevang kan word. Deur nou elke kort-kort te kyk hoe ver jy op die pad van heiligmaking is, moet jy jouself nou voortdurend tot groter reinheid of gehoorsaamheid of heiligheid aanspoor. So word die christelike lewe 'n nuwe resies ofte wel wet-stryd teen die sonde in jouself.

So skep hierdie gebrekkige geloof in Christus wat ALLES aan ons toereken nou 'n nuwe tipe Fariseër. "Ek is nou wel gered maar nog nie geheilig nie". In die waan van vroomheid lei dit net soos by die Fariseërs tot selfregverdiging en nog erger tot nuwe wetteloosheid, my sonde is nou verskoonbaar, want niemand is tog heilig nie. Selfs die dominees kom in die koerant.

Die wat op Christus alleen vertrou weet egter dat ek as vrygespreekte nuutgemaak is, nee, heiligemaak is deur Hom en dat ek daarom nie nou self hoef te stry om heilig of heiliger te word nie. Ek is heilig. Volkome, in beginsel en in realiteit. Wat 'n troos vir iemand wat daagliks die mag van die sonde in sy lewe ontdek! Glo dit - Jy is heilig!

> *Deur geloof alleen is ek heilig, nie net in beginsel nie maar werklik - wat 'n troos*

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

En juis omdat die daaglikse sonde wat ek doen nie my heiligheid aan tas nie, is dit onmoontlik dat ek op een af ander onverstaanbare wyse vrede kan maak met die sonde. Onmoontlik ja, want my toegesegde heiligheid verplig my tot 'n heilige lewe.

Dis duidelik nie 'n kwessie van jy is in beginsel heilig en nou moet jy elke dag word wat jy is nie. So iets loop onteenseglik uit op heilig, heiliger, heiligste. Buitendien hoe kan jy iets word wat jy reeds is? Nee, dis veeleerder 'n geval van jy is heilig gemaak, wees heilig.

*Wie glo jy? God of jouself?*

Anders gestel is dit 'n kwessie van wie glo jy? Glo jy wat God van jou sê of glo jy wat jyself van jou sê. God sê Hy het jou geheilig, jou lewe sê iets anders. Wie glo jy?

Miskien help die volgende verhaaltjie wat ek verkoop vir die prys waarteen ek dit gehoor het.

**'n Paar studente is saam met die prof by Stikland besig met prakties. Terwyl die prof 'n jong pasiënt nader roep sê hy vir die studente: "Kom ek wys julle vandag hoe lyk geloof".**

**"Is jy 'n kind van die Here?", vra hy aan die pasiënt.**

**Klinklaar en sonder 'n sweempie van huiwering kom die antwoord:"Ja".**

**"Vertel ons bietjie hoe het dit gekom dat jy 'n kind van die Here is?"**

**"O, maklik. Sien ek was vol sonde. Om die waarheid te sê daar was nie 'n plekkie aan my liggaam wat nie met sonde bevlek was nie. Toe kom die Here Jesus en Hy was dit alles af met sy bloed. Nou is ek silwerskoon en het ek niks meer sonde nie", sit die seun dit selfversekerd** uiteen.

**"Sê vir my," vra die prof verder, "die susters by die hospitaal jok jy nie partykeer vir hulle nie?"**

**'n Ondeunde trek verskyn op die pasiënt se gesig as hy onderlangs antwoord: "Ja, ek lieg baie vir hulle en hulle kom dit nie eens agter nie!"**

**"Maar dan is jy mos nie sonder sonde nie!" treiter die prof.**

**Terwyl hy frons kom dit kwaad uit: "Ag, hou jou bek man. Ek is sonder sonde".**

Mag dit vir ons 'n les wees. In die aangesig van sonde moet die geloof in wat God gedoen het sterk en vas staan. Ja, sterker en vaster as die werklikheid van die slegte wat ons doen as ons die goeie wil.

Maar nee, met al ons pogings om heilig(er) te word, met al ons wettiese prosesse van heiligmaking sê ons eerder: "Ja Here ons weet u het ons heilig gemaak, maar ek moet darem nog my deel ook doen. Ek sal die beginsel laat realiseer. Ek sal dit wat u begin het klaar maak". Wat 'n stryd?

Wat 'n klap in die gesig van ons Verlosser en Heiligmaker? Dis puur ongeloof. Dis om vir Hom te sê: "Bly stil ons weet van beter. Ons ken onsself. Ons weet hoe baie sonde doen ons nog van dag tot dag".

*Christus alleen het alles gedoen - glo dit dis die evangelie.*

Kom ons keer terug na geloof alleen in Christus alleen. Glo wat Hy alles vir jou gedoen het. Nie net verlos en nou moet jyself voortsukkel nie. Nee, hy het jou verlos, vrygespreek en geheilig. Glo dit! Dis waar! Dis die evangelie.

En as my sonde my soms laat twyfel aan my heiligheid sê doodeenvoudig, kinderlik gelowig: "Hou jou bek! Ek is sonder sonde, want ek glo wat God sê."

Al doen ek soms nog sonde is ek sonder sonde, want ek is heilig. Heilig gemaak deur Jesus Christus my Redder en Heiligmaker. En omdat ek dit glo leef ek so - HEILIG.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# Die Woord van God.

*Die Here skep, versamel, regeer en beskerm sy Kerk deur syWoord sodat hule hom reg kan eer, ken loof dien en verheerlik. Deur die Woord vorm Hy ons om Hom te dien. Wie die Woord van God regken, kan God reg dien. Wie die Woord van God verdraai en vervals, verskeur die ware godsdiens tot bygeloof en wetteloosheid.*

*Die hele inhoud van Gods Woord, van Genesis tot Openbaring, kan in 2 hoofdele opgedeel word:*

**Die Wet en die Evangelie.**

**Die Boeke van die Bybel beskryf hierdie onderskeid elkeen op sy eie manier.**

| | |
|---|---|
| Paulus: | Wet en Evangelie/Jesus. |
| Matt/Mark/Luk: | Wet en koninkryk van die Hemel/God. |
| Hebreërs: | Ou verbond en Nuwe verbond. |
| Ou Testament: | Wet en Verbond met Abraham en Dawid. |

## Die Wet

Die Tien Gebooie is die opsomming van die Wet.

Gehoorsaamheid en goeie werke is die eis van die wet.

Die riglyne vir hoe ons moet lewe is in die wet en nie in die evangelie nie.

Die liefde is wetsgehoorsaamheid

Die liefde kan ons nie verlos nie. Die liefde kan geen genadegawe van God ontvang nie.

Die bekering as sondebelydenis, berou en toewyding is ook wat die wet eis en nie die evangelie nie. Vergifnis, weergeboorte en die ewige lewe kan nie deur hierdie bekering ontvang word nie.

## Die Evangelie.

Die Twaalf Artikels is die opsomming van die evangelie.

Geloof alleen, niks meer of anders is die eis van die evangelie.

Die volle verlossing ontvang ons net deur die die evangelie, langs die weg van geloof in die evangelie, nie deur die wet of enige wetsgehoorsaamhied nie.

Die geloof alleen sonder die liefde ontvang al die gawes van God.

Die geloof alleen is die ware toekeer tot God waardeur vergifnis, weergeboorte, die Heilige Gees en die opstanding uit die dood en ewige lewe ontvang word.

Petrus Kriel.
Ned. Geref. Kerk Levubu.

REDAKTEUR: Danie O'Reilly
TEGNIESE REDAKTEUR: Jaap Naudè
MEDWERKERS: Soos vermeld per bydrae.

ADRES: Die Redakteur, Posbus 8005, Putfontein, 1513.
Tel. (011)-968-1116

KOSTE: Intekengelde beloop R 24.00 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R 6.00

FREKWENSIE: VDM verskyn telkens as hy gereed is, maar nie minder as vier keer per jaar nie.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

**Aantekeninge by Hand. 4: 12 en HK Sondag 11.**

# JESUS ALLEEN!

In Hand. 4: 12 lees ons "Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie." Hierdie is 'n radikale en eksklusiewe uitspraak. In Joh. 14: 6 sê Christus presies dieselfde. Daar is net een weg en geen ander nie. Jesus alleen doen wat sy Naam sê: Hy red. Nét sy dood aan die kruis herstel ons saak by God.

*Jesus alleen doen wat sy Naam sê: Hy red. Nét sy dood aan die kruis herstel ons saak by God.*

Vir baie is hierdie waarheid 'n groot aanstoot. Vir hulle is hierdie waarheid te radikaal. Hulle wil dit nie aanvaar nie. Hulle soek ook nog na ander verlossingsweë.

Dink maar net aan die sieninge dat alle godsdienste maar net verskillende paaie na dieselfde God en na die verlossing is. U ken mos die stelling: "Ons glo tog as mense almal in dieselfde God."

*Alle paaie lei na Rome...? Net een God met verskillende name?*

So glo mense dat elkeen op sy eie geloof verlos sal word. Die een sê hy word verlos deur Boeddha, 'n ander deur Allah. Party roem op hulle voorvaders en die Jode op die God van die Ou Testament. Verskillende paaie, maar daar is net een bestemming, so word gereken. Daar is net een God, maar verskillende groepe ken hom onder verskillende name. Hierdie gedagte word deesdae weer sterk deur, onder andere, die "New Age beweging" gepropageer. Die konsekewensies van hierdie siening is geweldig.

Dit maak alle sendingwerk oorbodig. Waarom sou 'n mens Christus aan iemand gaan verkondig as hy net so goed deur sy eie godsdiens salig kan word.

*Die Ou Testament se waarskuwings teen afgode is oorbodig.*

Dit maak veral die Ou Testament oorbodig. Hier word telkens teen afgode gewaarsku. Hierdie waarskuwings is sinneloos as ander godsdienste ook maar met God besig is en net 'n ander pad na saligheid is.

Die Bybel as boek van God leer egter anders. "Daar is geen ander naam nie." Net Jesus alleen. Buite Christus is 'n mens verlore, al is jy ook hoe godsdienstig, al is jy ook hoe ernstig in jou godsdiens. Daar is buitendien 'n groot verskil tussen die Christendom en alle ander godsdienste. By laasgenoemde moet die mens iets doen om verlos te word. By die Christendom het Christus aan die kruis alles betaal om mense te verlos.

Ook in die kerk soek mense dikwels die redding iewers anders as by Christus. Dink maar net aan die Rooms Katolieke kerk wat hulle redding by heiliges, by Maria of by hulle self soek. Hier moet ons billik wees. Die Rooms Katolieke kerk bedoel glad nie om Jesus heeltemaal opsy te skuif, om Hom te vervang deur Maria, of heiliges of hulself nie.

*Ook in die kerk soek mense dikwels die redding iewers anders as by Christus alleen. Hulle meen dat sy werk aanvulling nodig het, 'n tipe van samewerking.*

Nee, hulle bly Jesus wel deeglik eer as hulle Verlosser, maar hulle meen dat sy werk aanvulling nodig het. Nie vervanging nie, maar aanvulling. Daar is 'n soort samewerking dus: Jesus doen iets, maar Maria, die heiliges van die kerk en die gelowiges self moet ook iets doen. Maria en die heiliges se voorspraak moet bykom. Ons eie werke, gebede ensovoorts moet bykom.

Die Bybel sê egter baie duidelik dat Jesus alleen red. Sonder die hulp van enigiemand of enigiets red Hy. As dit nie so is nie, het Christus tevergeefs gesterwe(Gal. 2:21).

Maar nou moet ons nie die vinger te swaar na die Rooms Katolieke kerk wys nie. Baie lidmate van die Gereformeerde kerke om van die Pinksterkerke nie eers te praat nie dink nog steeds dat Christus se kruisdood nie genoeg is nie, dat hulle nog 'n ietsie by moet doen om verlos te word: 'n goeie lewe, hulp aan ander, mooi gebede, bekering ensovoorts. So halveer

*Van ons geld wat Luther op sy ou dag bely het, nl. dat as 'n mens hom sou oopsny, daar 'n pous te voorskyn sal kom.*

hulle Sy werk omdat hulle ook nog self iets wil doen. Daar sit iets van die Roomse mentaliteit in ons almal. Ons wil so graag self iets bydra by ons redding. Van ons geld wat Luther op sy ou dag bely het, nl. dat as 'n mens hom sou oopsny, daar 'n pous te voorskyn sal kom.

Jesus is die enigste naam van redding. Vir baie is dit iets aanstootliks, iets wat 'n struikelblok in die Christendom is. Dit was deur al die eeue so. Reeds in 1 Kor. 1: 22 en 23 sien ons dat dit vir die Griek wat in sy filosofie geglo het, 'n dwaasheid was en dat dit vir die Jood wat in redding deur wetsgehoorsaamhied geglo 'n struikelblok was.

Vandag is dit nog so. Die beginsel van Jesus alleen is 'n skokkende element in die Christelike geloof. Weet u waarom? Omdat dit vir ons vernederend is. Dis vernederend om te hoor dat jy so sleg is dat jy jouself nie kan verlos nie, dat 'n ander dit in jou plek moes kom doen. Dis die diepste rede vir die vyandskap van die priesters en die Joodse raad asook die Fariseërs(Hand. 4: 2, 18).

Dis ook die diepste rede waarom daar ander godsdienste is. Dis 'n metode om jouself te kom red. In alle godsdienste - behalwe die Christendom - kan die mens homself op een of

*Die Bybel trek egter 'n streep deur alle eie pogings en sê daar is geen ander weg as Christus nie.*

ander manier self red. Die Bybel trek egter 'n streep deur alle eie pogings en sê daar is geen ander weg as Christus nie.

Elke ander weg is dus 'n dwaalweg. Elke ander stelsel/godsdiens is dus 'n leuen. Elke ander roepstem lok na die dood. 'n Mens hoef net te vra watter plek Christus in iemand se lewe inneem en jy kan weet of hy gered is of nie.

As Jesus vir om net 'n wonderlik mens is wat 'n wonderlike voorbeeld gestel het, maar niks meer nie, dan is daar geen hoop vir hom nie. As Hy maar net een van die baie verlossingspaaie is, dan is daar geen hoop vir hom nie. As hy dink dat hyself of ander, iets by Sy verlossingswerk moet byvoeg, dan is daar geen hoop vir hom nie.

Maar as Christus vir hom die enigste Hoop in sy sonde en ellende is, as Hy vir hom die volkome Verlosser is en hy vertrou net op Hom dan gaan hy 'n heerlike toekoms tegemoet.

Christus het eenmaal vir die dissipels gevra: "*Wil julle nie ook weggaan nie?*"(Joh. 6: 67). Petrus se antwoord was: "*Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat die ewige lewe gee,*"(v. 68). Inderdaad! Na wie toe as Jesus alleen?!

Laat daar geen twyfel bestaan nie: Die kerk het net één fondament en hoop, Jesus Christus. Hy deel sy naam met niemand anders nie. Daar is net één verlosser, één fondament, één anker; Jesus, net Jesus alleen.

Dr. Theuns Snyman.
Ned. Geref. Kerk Edenvale-Noord.

**Wie is die skrywer van die boek Hebreërs?"**

**Nadat hy lank gedink het sê die student: "Moenie sê nie prof, ek weet wie dit is. Ek sal nou sê, dit sit op die punt van my tong!"**

**"Spoeg dit uit, voordat iets gebeur, ou broertjie, want op die oomblik weet net jy en die Vader alleen!"**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# Jare in 'n gees.

## Deel 1

**"Here, as ek u beter kan dien as ek lam is, maak my dan lam." Die gebed van 'n opregte Christen. Dit was in die Katolieke kerkie neffens die Universiteit van Pretoria se hoofkampus. Ons was 'n groepie admissiestudente. Ons het gebid vir die uitstorting van die Heilige Gees. Ons het gekniel in biddende afhanklikheid. Ons het gewag! Die Gees wou nie kom nie. Daar was geen talespraak nie. Toe Skotman afsluit met 'n "amen", wou ek opstaan. My bene wou nie. Ek was lam. Ek kon my bene nie beweeg nie. Was dit dan die teken? Helaas nie. My bene het van die geknielery aan die slaap geraak.**

*Ons het week na week, as die tyd dit toelaat bymekaargekom. Ons het bande geluister oor allerhande geestelike dinge. Talespraak, die duiwel en sy magte, die wonderwerke wat weergeborenes doen, die groot doop, mense wat dood was en weer uit die dood teruggekeer het om hulle storie vertel, "you name it, we've listened it."*

*"Hasjabarasjbarasonta". Dit was min of meer die strekking van die heel eerste taal wat na wekelange gebed uitgespreek is. Tiens se taal. Ons was verheug. Ons gebede is verhoor. Met 'n nuwe vuur het ons groep begin bid. Tiens het 'n ereposisie in ons groep gekry. Ons het na hom begin opsien as 'n soort van 'n uitverkorene. Uit sy mond het daar wyshede gekom. Hy was 'n navolgingswaardige Christen. Iemand na wie 'n mens kon opsien. (Tiens het my voor 'n Hebreeuse toets gebel en gesê hoe hy gesukkel het om te swot. Die heilige gees het nege uur die Vrydagaand voor die toets egter die krane van die hemel oopgedraai. Hy sou minstens 80% vir die toets kry.) Tiens het 24% vir sy Hebreeuse toets gekry. Ons het volhard in gebed. Ons het geglo die duiwel probeer 'n houvas op ons kry. (Niemand wou eintlik vir Tiens sê hy moes net swot nie, want sien, Tiens het 'n taal gehad.)*

*Ons het een vir een in tale begin spreek. Tiens, Skotman, Edda ens. Net ek het steeks gebly. DIt wou net nie kom nie. Glo my ek was reg, ek het gewag vir winde en wit duiwe, maar dit wou nie kom nie. Almal het half verwytend na my begin kyk. Ek het half uitgeskuif gevoel. Almal het getuig van die wonderlike effek wat die gees op hulle lewens het en dan na my geloer. Tiens het begin praat van die die hemel wat verskillende lae het, en hy het begin werk vir die oomblik om die sewende hemel te kan binnegaan. (Tiens het 16% vir sy Griekse toets gekry.) Ek was geesteklik uitgeput.*

*"En too ertestimoo." My eerste drie woorde in my eie taal. Almal was verheug. In almal se gebed kon ek die vreugde hoor. Ons broer besit hierdie wonderlike gawe. (Ek het begin worry. Skuldig gevoel. Het ek dit gedoen om hulle te plesier? Ek weet nie. Dit het nie vir my anders gevoel nie.) Ek was egter nou weer een van hulle en ons het gedoen soos die gees ons lei.*

*Kurt Koch. Ons volgende onderwerp was die duiwel. Hillbrow 1978. 'n Pastoor dryf 'n duiwel uit 'n jongman. 'n Diep swawelreuk hang in die kamer na die uitdrywing. So 'n na-blikkie-boontjiereuk. Die pastoor waarsku dat hierdie duiwel in enige persoon kan ingaan wat nie gewas is deur die bloed van die lam nie. (Ek worry!) Ek lees Kurt Koch. Hy is 'n man wat die duiwel ken. (My Bybel lê intussen rustig 0.16 mm stof en vergaar.) Ons raak verstom oor die magte van die duiwel. Ons begin teen die duiwel te bid.*

*Ons bid dat die koshuis waarin ons bly in die bloed van die lam af. Ons bind die magte van die Satan. Ons bid vir elke persoon in ons gang wat die drankduiwel, die seksduiwel, die joolduiwel, die rugbyduiwel, die magsduiwel ens. in hom het. Lewies sing Larry Norman, 'n Christensanger se*

*liedjies in die gang.Persone waaroor hy seker is dat hulle nie Christene is nie, se deure word ongevraagd oop geruk en 'n Bybelteks word daar en dan gekwoteer. JP kom sê vir my in gebroke Afrikaans: "Dooms, julle is besig om $*#&@ mal te raak."*

*Pietman had 'n streep weg. Een aand het hy die duiwel a la Clavyn met 'n koppie tee gegooi. Ek en Pietman raak aan die gesels oor politiek. Pietman, 'n sterke derduiwel gryp my aan die keel, tel my van die grond af op en wurg my. "Piet jy het 'n duiwel in jou, ek beveel daardie duiwel nou om uit te gaan." Piet los my. Hy sit my neer, draai om, en gaan na sy kamer. Ek getuig wyd en syd van my gawe. Ons begin 'n terreurveldtog teen Satan in die koshuis. As 'n student my sien aankom, maak hy of hy iets vergeet het en hardloop vinnig terug na sy kamer toe. Ja, nee die duiwel is los in hierdie plek.*

*Seeg veg saam met my vir ons land Suid-Afrika op die grense van Suidwes. Ons vind mekaar dadelik. Seeg laat hom deur 'n stem lei. Die stem sê vir hom wat om wanneer waar te doen. Seeg het direkte inspraak. Sy verhale laat my verstom. "Vir God is niks onmoontlik nie, halleluja." (Seeg skiet drie donkies in 'n nag van onheil op die grens dood en word verderaan beperk tot die basis en die geselskap van die eenheidsielkundige)*

*"I see an angel hovering above us. The Lord will protect us against all evil. The angel speaks, I will protect you, I will guide you, I will comfort you." Die woorde van 'n vrou in 'n baie bekende kerk. Sy getuig vir die hele gemeente. My skoonpa kyk op. Hy soek die engel. Hy stap uit. Ek volg hom. Sy woorde: "Elke mens het sy geloof, maar ek is nie lus vir 'n blêrrie sirkus nie!"*

*Al die duiwels lê iewers tussen 'n taal begrawe.*

*U verlore seun het teruggekom.*

---

## Deel 2

*Met hierdie agtergrond word ek toe deel van die Ned. Geref. Kerk in Afrika in Venda. Die jeug is soekend en onrustig. Waaraan word hierdie jeug blootgestel?*

*Die Ned. Geref. Kerk in Afrika is 'n jong kerk. Dit het die era geword van skreeuende pastore. God het 'n God van kitsbekerings, kitsgenesings, kitseksorsismes geword. Die kinders van God word oorlaai met moralismes. Pastors wat Jesusfigure word - heilig, rein, sonder vlek of skande. Die jeug luister na orkeste, mettertyd kom die "woordbediening", dan volg die gesamentlike gebede, die spreek in tale. Ander kerke word gebrandmerk as "dood". Materialisme word die barometer van kerke se sukses.*

*Gaba is 'n buiteposkerkie, omtrent 'n uur se ry van Sibasa af. Vandag word "Dungo la 11"[1] van die "Thanzielo ya Holanere"[2] bespreek. Die kategese is leergierig. Elkeen kry 'n boekie van die belydenisskrifte, kompleet met die doop en nagmaalsformliere. Hierdie manier van leer is moeisaam. Die katkisante is trots op hulle kennis. Hulle leer krities luister. Hulle leer vrae vra. Hulle word volwasse lidmate. Kerk speel is verby.*

*Hulle doen ook praktiese kursusse in hospitaalbesoek, geriatrie, kerkreg en fisiese instandhouding.*

*'n Nuwe generasie volwasse lidmate van 'n jong kerk. Ek glo hierdie Ned. Geref. Kerk in Afrika het 'n toekoms. Met deernis en geduld en begrip worstel ons saam deur die onstuimige kultusse. Deur dit alles gee die leer die riglyne.*

**Franna Herzelman.**
**Ned. Geref. Kerk in Afrika Nthume.**

---

1 Artikel 11.
2 Die Nederlandse Geloofsbelydenis.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# CHRISTUS IS DIE EINDE VAN DIE WET

## ( DEEL 3 )

Christus is die einde van die wet tot geregtigheid van almal wat glo. (Rom 10:4) Die geregtigheid wat ons deelagtig word en is deur die Evangelie, is nie maar net die manier waarop ons van sonde vrygespreek word nie (volgens die nuwe vertaling) maar is ook 'n nuwe koninkryk wat God tot stand bring.

> *Deur die evangelie staan ons onder 'n nuwe regering.*

Hierdie nuwe koninkryk van God veronderstel net soos met alle nuwe ryke 'n nuwe vorm van regering. Dat Christus die einde van die wet is, beteken dat God in Hom nou 'n ryk oprig waar mense nie meer deur die wet regeer word nie. Jesus as die seun van Dawid kom nie om mense deur die wet van Moses te regeer maar deur die Gees. (Gal.3:5; 4:6,7 en Rom 8:15)

In die Pinksterisme is die genade van God net 'n manier om mense weer onder die toesig en beheer van die wet van God te bring : **'n nuwe manier om onder die ou regering van God in te kom.**

In die Evangelie word ons heeltemaal vrygemaak van die heerskappy van God deur die wet tot die nuwe heerskappy van God deur die Evangelie. Ons het dus hier te doen met **twee verskillende regeringsvorme,** wat anders is as die verskil tussen **"dissipelskap" en "dooie godsdiens"** soos die Pinksterisme graag die verkil aan die orde wil stel.

> *Wat is die verskil tussen 'n verbeteringskool en 'n huisgesin se bestuurstyl?*

Hierdie verskil in vorme van regering en bestuur kom duidelik aan die lig as ons die bestuurstyl van 'n verbeteringsskool vergelyk met die bestuurstyl van ouers oor hulle kinders.

Die verskil tussen 'n verbeteringsskool en 'n ouerhuis is nie daarin geleë dat daar in die verbeteringskool beheer en dissipline is oor kinders en in 'n ouerhuis nie. Nee, altwee beheer en bestuur die kinders. Die inhoud van die bestuur is egter wesenlik iets anders.

Paulus stel die wet en evangelie ook as twee alternatiewe bestuurstelsels naas mekaar: "*..julle staan nie meer onder die wet van Moses nie, maar onder die genade*"(Rom.6:14); "*Nou kan ons dien in die bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie* "(Rom 7:6) "*maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie*" (Gal.5:18).

Hierdie bestuurvorme kan mekaar nie aanvul en is ook nie maar twee kante van een saak nie. Een mens kan nie onder beide regerings dien nie. 'n Kind bly of in sy ouerhuis of in 'n verbeteringsskool, nooit in beide nie.

### WAARIN VERSKIL DIE BESTUURSTELSELS?

**1.Die persone wat beheer uitoefen verkil.**

In 'n verbeteringskool word kinders eintlik beheer deur ouer en meer ervare kinders. Die skoolhoof is 'n veraf magsfiguur wat die kinders vrees en teenoor mekaar afspeel. Daarom vorm hulle altyd in 'n verbeteringskool bendes en groepe wat die eintlike minuut tot minuut beheer uitoefen in die plek van die afwesige ouer.

In 'n ouerhuis is daar geen tussenganger tussen

die ouer en kind nie. Die ouer se gesag word innerlike aanvaar en is die direkte bestuur van die kind. Tussenfigure in die gesag is nie 'n hulp nie, maar vernietig die verhouding ouer en kind.

> *Die Evangelie maak ons innerlik verbonde aan God se gesag. Daarom is ons vry van geestelike leiers wat dissipelskap skole oprig en totale beheer namens God oor die lewe wil uitoefen.*

Paulus stel die verskil tussen die beheer van die Tien gebooie en die Evangelie ook so aan die orde: Mense wat onder die wet staan en mense wat onder die Evangelie staan.

Mense wat onder die wet staan : "*Engele het die wet deur middel van 'n tussenganger aan die volk gegee ...En so is dit ook met ons. Toe ons geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls*(Gal. 3: 19 en 4: 3).

Mense wat onder die Evangelie staan is vry van die tussengangers wat die wettiese reëls uitdink, toepas en voorskryf. Ons het die Gees ontvang deur wie ons innerlik God se gesag as Vader aanvaar.(Gal. 4: 6). Onder die Evangelie

> *..ons is ook vry van geestelike modelle waarin ons met Jesus moet identifiseer...*

leef ons innerlik verbonde aan God se gesag, vry van geestelike leiers wat dissipelskap skole oprig en totale beheer namens God oor die lewe wil uitoefen. Vir dieselfde prys geld dit dat ons ook vry is van geestelike modelle waarin ons met Jesus moet identifiseer.

**2. Die middele waardeur beheer uitgeoefen word.**

Die middel wat in 'n verbeteringskool gebruik word om beheer uit te oefen, is **wette.** Die wat die wette gehoorsaam word beloon en die wat die wette nie gehoorsaam word gestraf. Die **vrees vir straf en die sug na beloning is die innerlike motivering** wat deur die wetstoepassing geskep word en so word die kinders beheer.

In 'n ouerhuis word kinders bestuur deur hulle onvoorwaardelik as jou eie lief te hê en aan jou liefde te bind. Hierdie liefde skep 'n wederliefde sonder enige vrees vir verwerping of sug na erkenning.

> *In die nuwe ryk is ons vry van die wette, as bestuurstelsel, want ons word nou regeer deur die weldade van Christus.*

In die ou koninkryk is en word mense steeds deur God bestuur deur wette. Wie die wet oortree word gestraf en die wat gehoorsaam word weer beloon. Hierdie wet maak mense **vreesagtig vir God en die vrees is juis die inhoud waardeur God hulle in hulle sonde bestuur.**

In die nuwe ryk word mense van die wette, as bestuurswyse van die lewe, vrygemaak en nou regeer deur die weldade van Christus. (Rom.8: 15) Deur ons in die weldade van Christus in te sluit, verbind God ons aan sy eie Seun en maak Hy ons elke dag deel van die liefde van Hom as Vader.

Deur sy liefde in Christus en ons deelwees van die weldade van Christus skep dit 'n wederliefde vir Hom as God waardeur Hy ons lei. "*Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God.*"(Rom.7:4)

> *In die kerk word lidmate gelei in 'n lewe van gehoorsaamheid deur hulle altyd van God se liefde en hulle verbondenheid met Christus te verseker.*

Terwyl die pinksterisme mense tot aksie motiveer deur hulle altyd weer op een of ander ongehoorsaamheid te wys en dan tot hernieude bekering, berou en oorgawe aan die wet te dwing, word lidmate in die kerk gelei in 'n lewe van gehoorsaamheid deur hulle altyd van hulle verbondenheid met Christus te verseker.

**3. Die doel van die bestuurstelsel.**

Die doel van 'n verbeteringsskool is om wangedrag te beheer. Alle maatreëls wil die kind se wangedrag inperk of verander. Die doel van 'n ouerhuis is nie om wangedrag te beheer nie, maar om 'n kind te vorm om sy volle potensiaal te ontwikkel en sy talente en gawe te ontgin.

*Wette het 'n inperkende waarde, terwyl die evangelie vervullend werk.*

Paulus verduidelik hierdie inperkende waarde van die wet in Gal. 4: 3 "*Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdientige reels.*" Mense wat nie uit innerlike verbondheid aan God en sy gesag gebind is, se wangedrag moet vasgemaak en beheer word deur die wet, net soos slawe ingeperk word.

In die Evangelie gaan dit nie om die beheer en inperk van wangedrag nie, maar om die **vervulling van ons skeppingsdoel**: om weer beeld van God te wees, toegewy aan die diens en arbeid waarvoor ons bestem is.(Rom. 8: 29 en 30).

**4. Die effek van die bestuurstelsel.**

Verbeteringskole werk nie. Die bestuurstelsel bring juis die kinders **in opstand en verset teen gesag.** Om mense onder die betuur van die Tien gebooie en die liefdesgebod te plaas werk nie. Juis hierdie regeringswyse van God maak mense opstandig en dood vir God.(Rom. 7: 5, 8 en 10)

Ouerhuise werk. Die bestuurstelsel maak dat kinders **gesag aanvaar**. Die Evangelie se bestuur volgens die verbondenheid aan die weldade van Christus maak dat gelowiges hulle deur die Gees van God laat lei.(Rom. 8: 4, 9-12).

Verbeterings skole werk nie. Dit kweek kinders wat hulle eie beddens opmaak, hulle eie kamers skoonmaak, hulle eie klere heelmaak, self kos opskep en bedien, maar innerlike teen alle gesag in opstand is en vol haat en afguns teen die gemeenskap leef.

Van godsdiens soos in die Pinksterisme sê Paulus: "*Hierdie leerstellings het wel die skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.*"(Kol.2:23)

Ouershuise werk. Die kinders maak nie eie beddens op, e.a. Die ouers doen dit vir hulle. Die kinders hoef net hulle ouers lief te hê. Die genade heerskappy van God maak gelowiges vry van die seremonies van die wet en **bring hulle weer om God as Vader aan te roep en na sy wil te vra.**(Kol. 2: 16-19 en 3: 1 e.v.).

Verbeteringskole werk nie. Die bestuurstelsel maak dat die kinders in die skool nie onderling aan mekaar verbonde voel nie en veroorsaak dat die kinders die hele tyd in konflik met mekaar is.

Ouerhuise werk. Dit maak dat kinders onderling aan mekaar as broers en susters verbonde is en die band skep **'n onderlinge aanspreeklikheid teenoor mekaar.**

Dit is wat Paulus aandui in Galasiërs 6: 13-26. Mense wat onder die wettiese godsdiens soos in die Pinksterisme leef, is die wat verval in die praktyke van die sondige gees.

Die gelowiges weer, ervaar dat deur die Evangelie daar onderlinge gesindhede deur die bedeling van die Gees tussen hulle as vrug van die nuwe bestuurstelsel tot stand kom.

*In die Pinksterisme is die vrugte van die Gees, nie die vrug van die genadeheerskappy nie, maar nuwe geestelike wette .*

En dan het die geestelikes in die Pinksterisme nog die vermetelheid om hulle wettiese "geesvervulling" te verkoop as sou dit die vrug van die Gees lewer. Interresant is dat in die Pinksterisme, die vrugte van die Gees, nie die vrug van die genadeheerskappy is nie, maar nuwe geestelike wette as alternatief op die Tien gebooie.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

As 'n mens verwarring wil sien moet 'n mens een van die kinders wat van kleinsaf in 'n verbeteringskool groot geword het deur liefdevolle ouers laat aanneem.

*Hy voel asof daar nie meer beheer in sy lewe is nie.*

Skielik is daar nie tralies aan die venster nie, nie slotte aan die deure, nie ses voet drade om die huis nie, die kos word nie in staalkaste toegesluit, hy hoef nie sy bed op te maak, sy klere heel te maak, sy kamer skoon te maak nie. Daars geen eksta inkomste as hy skottelgoed was en tuin maak nie.

Wie sal so kind blameer hy as begin voel dat daar nie meer beheer in sy lewe is nie? Meer nog, hy kan gaan net waarheen hy wil: hy kan na sy vriende gaan, hy kan gaan dans, hy kan sommer net gaan rondlê in die dorp.

Groter is die verwarring as verwagtinge gestel word wat hy nie weet of hy dit kan vervul nie, want hy het dit nooit geken nie: om sonder dwang innerlik verbonde te voel aan gesag, om te werk, om jouself te ontgin vir wat jy kan wees, om geen ander instansie behalwe jouself te hê wat vir foute aanspreeklik gehou kan word nie, om jouself met jou verwarring te aanvaar sonder om iemand daarvoor te kan haat of verwyt.

Die grootste verwarring vir so kind is dat hy kan wegloop as hy wil. Wanneer hierdie nuwe bestuur hom so verwar en hy nie die verantwoordelikhede van die nuwe stelsel kan hanteer nie, is daar geen polisiemag wat hom sal vang en terug bring nie. Daarom loop hulle weg. Maar hulle verwarring eindig in totale onbegrip as hy na hy weggeloop het, self weer, sonder die polisie besluit om terug te gaan. Hoe moet hulle vanself weet as hulle dit nooit geken het, dat die sorg en die liefde van ouers bind stywer as enige ketting?

Nooit mag die kerk, die Evangelie van genade probeer verander of aanpas by die heerskappy van die Tien gebooie nie. Christus se genade heerskappy aan die regterhand van God die Vader is die einde van die wet.

*Ons is almal God se aangenome kinders*

Ons moet onthou as die Evangelie die mense verwar - hulle is nie van nature God se kinders nie, ons is almal God se aangenome kinders, uit die bedeling van verbeteringsskole aangeneem tot die huis van God waar sy Gees in ons woon en ons lei.

Die Evangelie moet as die nuwe bestuur, vry van enige sweem of verbintenis met die oue gehandhaaf word.

Die liefde van God vir sondaars sal hulle vir Hom behoue laat bly - al verstaan hulle dit nie en loop hulle weg - die verlore kinders sal deur sy sorg weer teruggetrek word teen hulle eie ou natuur in.

Die enigste motivering vir die Pinksterisme as sou die mense dit wil hê, maar die Evangelie vir hulle 'n onbegryplike saak is, en die geleerdes se poging om die onbegrip met logiese daulismes te regverdig, is verraad teen die koninkryk van God se genade.

Petrus Kriel.
Ned. Geref Kerk Levubu.

## Maandag is dit wasdag..

*Tien om 'n tafel*
*besin oor 'n tydskrif,*
*bestorm met woorde die mure van vervlakking.*

*Bewus van eie sondigheid*
*met die insig aan hom toebedeel,*
*pen elk sy vyf-en-negentig stellings vas op papier*

*Suiwer gereformeerde denke*
*omgord die lendene met Genade alleen*
*en span saam teen vrome duiwels en dwalinge.*

*'n Vrou sit by*
*en weet dat Maandag verskriklik kan wees,*
*want die kerk se naweek was lank en morsig.*

**Die Miemie.**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# BEGEERTE VS BEHOEFTE

Dat die Kerk in 'n tyd van verandering is, is waar. Dat die Ned. Geref. Kerk in die proses ook verander, is goed. Trouens semper reformanda impliseer in 'n sekere sin voortdurende verandering.

**Dis egter 'n vraag of al die "vernuwings" altyd strook met die beginsels wat die Here ons in Sy Woord leer.** In hierdie verband is daar een onderskeid wat ons baie goed sal moet vashou - die verskil tussen begeertes en behoeftes van mense.

Begeertes is die dinge wat 'n mens graag wil hê, waarvan jy hou en wat lekker is. Vanweë ons sondige aard is ons van nature redelik ingestel op ons begeertes.

Behoeftes is dinge wat 'n mens nodig het, wat vir jou goed is, al is dit nie noodwendig vir jou lekker nie! Die Skrif leer dat God in Sy omgang met ons, ingestel is op ons behoeftes. Vgl. Mt. 6: 8, *"Julle Hemelse Vader weet wat julle nodig het nog voordat julle hom vra..."* en ook Luk. 11: 13.

**Hierdie onderskeid is duidelik in ouerskap waar jy jou kind soms 'n pak slae sal gee omdat hy dit nodig het, terwyl dit definitief nie sy begeerte is nie!**

Nou, terug na die kerk. Die Kerk is mense, mense wat dikwels nie die verskil ken tussen begeerte en behoefte nie, of wat oortuig is dat wat hulle wil hê, dit is wat hulle nodig het. **Daarom is dit so gevaarlik om die ervaring van mense normatief te maak vir wat ons in die kerk aanpak. Die feit dat mense van dinge hou of selfs dat hulle meer kerk toe kom oor 'n bepaalde rede sê nog lank nie dat 'n ding reg is nie.**

Die aanddienste is een van die areas in die kerklike lewe waar ons die laaste klomp jare groot vernuwings ervaar het. Ons kry nou sangdienste, besprekingsdienste, gemeente=like deelname en programme, uitvoerings, opvoerings, noem maar op! En dis vir die mense lekker. Die bywoning het selfs plek-plek toegeneem.

In die Gereformeerde tradisie het die aanddiens gegroei uit die nodigheid dat die gemeente **geleer en onderrig word in die inhoud van ons geloof en die vaste grond waarop dit berus.** Daar het hulle die vaste kos gekry waardeur hulle gegroei en sterker geword het. Dit was die spinasie en die pampoen en die wortels wat seker nou nie altyd die lekkerste kos vir mense is nie, maar wat ons almal so nodig het!**(en buitendien so voorgesit kan word dat 'n mens daaraan smul).**

**Vandag is hierdie lering en onderrig nodiger as ooit.** As daar ooit 'n tyd was waarin dit vir gelowiges krities en belangrik is om tussen al die stemme en idees en filosofieë van mense te kan onderskei wat God sê en leer, dan is dit nou. **Tog word lering in so baie gevalle op die agtergrond geskuif en moet dit plek maak vir ander dinge wat mense meer laat "ervaar" en wat die eredienste "lekkerder" en "'n belewenis" maak!**

Hiervoor moet ons bid: dat God ons leer onderskei tussen begeerte en behoefte; dat ons 'n fyn aanvoeling sal ontwikkel vir wat mense nodig het in die Kerk. En dat ons bediening van daaruit gestalte sal kry. Soos 'n goeie ma wat, omdat sy haar kinders liefhet, vir hulle voorsit wat hulle liggaam laat groei en nie verlei word deur hulle pleidooie vir gemorskos wat vir hulle lekkerder maar uiteindelik skadelik is nie.

Daar sit mos juis iets van die evangelie hierin! God het Sy Seun na 'n wêreld gestuur wat Hom nie wou hê nie, wat Hom verwerp het. Maar God het Hom gestuur omdat Hy ons liefhet en baie beter as ons weet wat(Wie) ons die nodigste het!

Roelie Erasmus
Ned. Geref. Kerk Drakensberg-Vallei, Newcastle.

---

*Al hou ek nie van bumper stickers nie, is daar tog een wat 'n groot waarheid raakvat:*

**"My volk gaan ten gronde vanweë 'n gebrek aan kennis."**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# AS KLEIN DINGETJIES DINK ....

## Die roeping van Saraï

Die Here het vir Abram gesê:
"*Trek weg uit jou land uit*
*weg van jou mense en jou familie af*
*na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys*".

Toe hy haar die eerste keer saamvra volkspele toe, het sy geweet dat hy predikant wou word. Ou Mnr. Potgieter het die oggend by die C.S.V. gesê jy moet 'n dag en 'n datum hê waarop jy jou hart aan die Here gegee het. Die meisiekind het skuldig weggekyk want sy kon nie onthou van 'n tyd voor God daar was nie. Haar ouers het hulle doopbelofte getrou nagekom.

Sy gaan kamp by Maranata en sukkel om te "Halleluja". Sy kamp by Winklespruit en raak uitgesluit. Uiteindelik kamp sy saam met die jong admissiestudent en 'n Deo Gloria-groep. Sy bly anders, skuldig. Sy woon een aspirantpredikantsvrouebyeenkoms (is daar so 'n woord?) by en bly aangeklaag, want sy wil nie handskoene dra nie.

Sara lag by die aanhoor van die belaglike belofte, maar sy knie tog (gou?!) 16 kilogram meel en bak roosterkoeke. Sy gee haarself vir Farao, vir Abimelek, gee haar alles vir Hagar, is kwaad oor die kind in haar ouderdom, want almal lag haar uit. Sy gaan deur die Hel tot by Moria, want Abraham, die Uitverkorene is haar geliefde.

Die jong predikant gee homself in volle oorgawe aan 'n ander vrou, 'n Hagar: Die Gemeente. Sy eis vraatsig alles van hom, ook sy eggenote. Die swanger Mev. Ds. (titel en al) bak koeksisters, bak vetkoek, hou vergaderings, drink tee en verstik oplaas in die 16 kilogram meel, want die Dominee is haar geliefde. Sy huil alleen, want hy doen vir ewig huisbesoek en sy verlang na koel klawers en Mozart. Sy wil terug na Ur van die Galdeërs.

Die kinders word groot in 'n pastorie met 'n ma en die vrou bly skuldig, want sy baklei vir ma-wees, vrou-wees, mens-wees. Daar kom beroepe en na een leeftyd, trek die gesin.

Die nuwe gemeente kook, want die nuwe Dominee is 'n uitgesproke Gereformeerde. Iemand preek en sê die Heilige Gees sal nie in jou kom woon as jy hom nie innooi en toelaat om van jou besit te neem nie. Ja, Amen, beaam die gemeente in 'n besprekingsdiens en elkeen onthou van die dag toe hy vir Jesus as Verlosser aangeneem het. Die vrou wurg skuldig in stilte. "Julle dwaal!" skreeu die Dominee hardop uit. Dit word donker. Die voorhangsel skeur. Die gemeente skeur. Dit weergalm in die ring. Hulle kruisig hom en die genade wat hy verkondig by elke biduur en kinderkrans-byeenkoms.

"Jy moet kies! Jy moet kies! Jy moet kies!"

Halfsewe een Saterdagnamiddag ry 'n motor hulle seun raak. Die bloeddruk en die hartklop word al flouer. Hy bly bewusteloos. Die Dominee doop Sondag 'n kind en preek oor die Verbond. Die vrou waak stom by die hospitaal. Sy lag nie oor die belofte nie. Saam beur hulle teen die steïl kranse van Moria uit en vind na 'n ewigheid van drie dae en drie nagte dat die God van Abraham nog steeds op Sy Heilige Berg voorsien. Die kind lewe.

En daardie nag vertel hy vir haar, sy middeljarige vrou van die Dordtse leerreëls en die Uitverkiesing en die Genadeverbond en leer hy haar haar eie doop verstaan: Genade vir ons - God doen die keuse. "*Jou vrou* Sara *sal 'n seun hê.*"

"*Dit is met Isak die seun wat* Sara *in die wêreld sal bring wat Ek my verbond sal nakom*".

"*Volgende jaar hierdie tyd sal* Sara *'n seun hê*".

Sy verstaan toe dat God self vir Sara ook

uitgekies het.

Die vrou maak nog haar kinders groot, is nog lief vir haar man, bak nog koek, drink nog tee. Maar elke Sondag jubel die harmonie - onder haar vingers Bach se credo uit:
Soli Deo Gloria - Aan God alleen die eer.

En sy lewe in die lig van Sola Gratia - genade alleen.

---

*My liewe Kallie,*

*Toe die Here Sy Verbond met Abraham gesluit het, het hy gesê: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen my en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag".*

*Beroep jou jou hele lewe deur op die feit dat jy 'n gedoopte Verbondskind is en moenie dat die Ou Mnr. Potgieters van die lewe jou ooit verwar nie.*

*Groetnis,*
*Die Miemie (Onskuldig deur die Genade Alleen).*

---

# Lofprysing. Sela!

Ten spyte van heftige kritiek uit verskeie oorde gaan die manne rustig of is dit lustig voort met die lofprysingskursusse oral oor die land.

Die artikel daaroor in die eerste uitgawe van VDM het baie gunstige reaksie uitgelok. Die felste(enigste) negatiewe reaksie daarteen was glad nie inhoudelik nie, maar die feit dat die skrywer van die artikel nie self so 'n lofprysingskursus bygewoon het nie.

Nou wonder 'n mens of en indien wel, in hoe verre die kursus self en die materiaal dan van mekaar kan verskil, want die kursusmateriaal het hy deeglik onder oë en hande gehad.

Ek self het ook nog nie 'n kursus bygewoon nie en beplan ook nie om in die nabye toekoms dit te doen nie. Wel ontvang ek gereeld uitnodigingspamflette na sodanige kursusse.

Net wat ek daarop lees onderstreep die artikel in VDM en gee my genoeg grond om te weet dat ek ook nie in die nabye toekoms een van hierdie kursusse gaan bywoon nie.

Klink dit te erg(eensydig) gaan lees gerus weer broer Hennie se artikel of neem maar net die bekendstellingspamflet op en verwonder jou oor die skrifhantering. Dis nou nadat die kursus klaarblyklik geredigeer is.

Een opvallende saak is die wyse waarop tekste "gebruik" word. Wanneer die die NAV nie goed genoeg pas nie, maak ek hom pas met 'n geparafraseerde weergawe. Al beteken dit die Heilige Gees van Johannes 4 word nou 'n gees, jou gees.

Laat mens dink nè! Of hoe gaan die ou spreekwoord, elke ketter ....?

Voeg daarby die dominee(hy het wel die kursus bygewoon) wat vir die gemeente voor hom sê: "Steek op jou hande om die egtheid van jou geloof te bewys" en jy weet: Lofprysing. Sela!

Helaas nie!

---

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# Wat die sektes met ons regkry

*Ek het jare gelede iewers gelees dat 'n swartevangelis in die vorige eeu in die Transvaal vir jare lank sendingwerk(en dus ook kerkplanting) gedoen het en toe kom daar 'n ander genootskap in die gebied aan wat ook daar wou werk. Die evangelis het dadelik na die nuwe sendelinge toe gegaan en vir hulle gesê hulle moet op 'n ander plek gaan werk want hier, het hy gesê, is die skape en die bokke klaar geskei.*

**Jare gelede het God 'n reformatoriese kerk in hierdie land geplant, en daardie kerk het verkondig: alleen God se genade, alleen Christus, alleen die Woord, alleen geloof.(In hierdie volgorde). Toe kom daar ander ouens van Amerika af wat in bekering glo en hulle wys vir die mense hulle bekeringspiere en die bygelowige mense, getrou aan hulle sondige natuur, is toe meer met die vreemde leraars se spiere geïmponeer as met die Evangelie(God se spiere).**

Die "Gespierde"-kerk wys toe vir die bygelowiges dat hulle dinge kan doen wat die "Christus-alleen"-kerk gesê het net Christus alleen kan doen. Die "Spiere"-kerk het naamlik beweer hulle bekering red en dat hulle op allerhande maniere tekens en wonders kan doen en dat hulle ook vir Christus as't ware kan "order" om mense gesond te maak en dat Hy gehoorsaam is aan wat hulle sê.

Dit alles het die bygelowiges baie beïndruk en hulle het toe die "Christus-alleen"-kerk daarvan begin verdink dat hulle dood is want hulle het nie spiere nie. Baie bygelowiges het toe aangesluit by die "Spiere"-kerk en ook hulle bekeringspiere begin wys. Hulle het Sondag na Sondag openlik(met liggaamsoefeninge) gewys hoe sterk hulle is, baie en snaaks gepraat en vreeslik lawaai en so het nog meer bygelowiges aangesluit.

Toe het 'n baie hartseer ding gebeur: sommige lede van die "Christus-alleen"-kerk het begin twyfel aan Christus alleen en het toe ook begin glo mens moet spiere hê en jou spiere wys.

Hulle het gesê die "Spiere"-kerk is nie so sleg nie, want kyk dan net hulle spiere. Ander lede van die "Christus-alleen"-kerk het gesê dat Christus se spiere heeltemal sterk genoeg is, ons hoef nie ons spiere te wys en so te lawaai soos die "Spiere"-kerk nie.

Sommige ouens het paniekerig geword en harder en harder probeer om soos die "Spiere"-kerk te word, want, het hulle gesê, "die bygelowiges glo nie meer die dooie getemery van die 'Christus alleen' -kerk nie, ons moet iets doen om die 'Christus-alleen' kerk te red." So het daar al meer onenigheid in die "Christus-alleen"-kerk gekom omdat daar onsekerheid oor die "alleen" van "Christus alleen" gekom het.

Om die vrede te bewaar het die leiers toe heel demokraties gesê: "Nee, kom ons maak 'n kompromis: ons is 'n "Christus alleen en 'n Christus-en-spiere Kerk." In feite het dit daarop neergekom dat die "Christus-alleen"-Kerk nou nie meer was wat sy naam gesê het nie, maar ter wille van vrede en liefde met die ouens van die "Spiere"-groep moes die "Christus-alleen"-groep darem verstaan en waardeer dat die "Christus" van die "Christus alleen" behou en gered is vir die Kerk. "As ons ons spiere saam met Christus se spiere sit, het ons nog meer krag en dan voeter ons die wereld op", het die leiers gesê en probeer om die al hoe kleiner wordende "Christus alleen"-groep stil te kry.

So, met hierdie edel motief vir vrede en liefde en eenheid, het die leiers gehoop, sal hulle die "Christus alleen"-ouens en die "Spiere"-ouens bymekaar hou. Om die vrede verder te bewaar het die leiers gesê moet daar ook nie meer grense wees nie sodat die "Christus en spiere"-ouens en die "Christus alleen"-ouens hulle eie gemeentes kan hê. (Dis wat die sektes met ons regkry.)

En nou sit ek hier op my plaas en verwonder my oor dit alles... Hulle kry ook deesdae enigiets met skape reg... dat hulle 'n bok 'n skaap kan noem verg reeds veel verbeelding, maar dat hulle dit nou selfs regkry om 'n wolf presies soos 'n skaap te laat lyk en praat, was in meer as drie eeue aan die Kaap tot nou toe nog nie moontlik nie. Dit sou die swart evangelis jou ook kon sê. Maar met genetiese manipulasie en steroïedes en klankversterkers sal die mensdom ook enigiets self regkry. En iewers kraai 'n haan en iemand vloek lawaaierig en Iemand bly stil en kyk.

Hennie van Schalkwyk.
Ned. Geref. Kerk Malvern.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# GEREFORMEERD

In die gereformeerde leer gaan dit om wat GOD alles gedoen het om ons te red.

## GOD

MENS

---

### SONDE

As gevolg van die sonde van Adam word ons almal in sonde ontvang en gebore(erfsonde), en is van nature geneig om net die kwaad te wil doen.

Ons word as sondaars gebore, en daarom doen ons van kleinsaf al sonde. Daarom verdien ons almal die hel van geboorte af. Ons kan en wil onsself nie red nie, omdat ons geestelik dood is as gevolg van die sonde.

### VERLOSSING

God het ons jammer gekry omdat ons onsself nie kon of wou red van die helse verdoemenis nie. Daarom het Hy Hom aan ons verbind( = die verbond) om ons op Golgota te red. Op Golgota het God genoeg gedoen om ons te red.

Daar het Jesus vir al ons sonde volledig betaal - vir die sonde waarmee ons gebore is, wat ons tot vandag gedoen het en selfs die wat ons nog gaan doen. Op Golgota is ons totaal vrygespreek, sonder dat ons 'n vinger gelig het om iets tot ons redding by te dra. Uit genade is ons gered. Daar het ons kind van God geword. Dit mag ons glo op grond van God se beloftes(verbond). Ja, dit moet ons glo.

### SEKERHEID

Ons sekerheid van ons verlossing berus op wat God gedoen het en waarvan Hy ons in Sy Woord verseker, nl. dat Hy ons jammer gekry het, dat Hy op Golgota die verhouding weer herstel het, dat Hy vir ons gekies het. Ja, dat Hy ons Sy kinders op Golgota gemaak het.

Genesis 3
Romeine 5: 12, 18 en 19.
Psalm 51: 7
Romeine 6: 23
Efesiërs 2: 1 tot 3

Efesiërs 2: 4 tot 10
Titus 3: 4 en 5
Genesis 17: 1 tot 14
Galasiërs 3: 26 tot 29
Hebreërs 9
Romeine 3: 21 tot 26
1 Johannes 3: 1

1 Johannes 5: 13
Efesiërs 1: 1 tot 14
2 Korintiërs 5: 17 tot 21

# PINKSTERISME

In die Pinkster groepe se leer gaan dit oor wat die MENS bydra tot sy eie redding.

GOD

## MENS

---

### SONDE

Babas word rein en sondeloos gebore. Doen dus geen sonde terwyl hulle babas is wat nie tussen goed en kwaad kan onderskei nie. Gaan dus nie hel toe nie.

Eers wanneer hulle verstand kry om tussen goed en kwaad te onderskei, begin hulle sonde doen-word nou eers 'n sondaar en is eers nou verlore. Hulle kan egter kies om die goeie te doen en hulle na God te wend.

### VERLOSSING

Wanneer hy so sy sonde begin besef, kom hy tot bekering, bely sy sonde in berou en neem Jesus aan as sy persoonlike saligmaker. Van hierdie bekering het hy gewoonlik 'n dag en datum. Nou maak God hom Sy kind.

Op Golgota het Jesus vir al die mense op aarde se sondes betaal. Net wie van Sy uitnodiging gebruik maak en Jesus in hul harte innooi, word gered. Net sonde wat bely is, word vergewe.

Jou verlossing is dus afhanklik van dit wat jy gedoen het, nl. om jou te bekeer, jou sondes te bely en Jesus as jou Saligmaker aan te neem.

### SEKERHEID

Sy sekerheid berus op dit wat hyself vir sy eie redding gedoen het. Hy het berou oor sy sonde gehad, hy het tot bekering gekom, hy het Jesus aangeneem, hy het Jesus in sy hart ingenooi op daardie dag en datum. Daarom is hy seker, want hy het vir Jesus gekies.

As mense wat glo dat ons geredde sondaars is, knoop ons die stryd teen die sonde aan. Ons moet daagliks tot bekering kom wanneer ons soos die verlore seun van God wegdwaal en die Heilige Gees ons van sonde oortuig. Eenmaal kind van God, altyd kind van God want God sal die goeie werk wat Hy in ons begin het, voltooi op die dag dat Jesus weer kom.

## DOOP

Die doop is teken van wat God gedoen het. Die water is teken van die bloed van Jesus waardeur ons op Golgota gereinig is. Dit is God se waarborg aan twyfelaars soos ons dat ons God op Sy Woord kan en mag neem. Die doop word aan babatjies gegee op grond van dit wat Christus reeds op Golgota vir hulle gedoen het en waarvan Hy hulle verseker-soos 'n testament. Ons word gedoop omdat ons hemel toe gaan. Ons moet dit glo en soos gedoopte kinders van God leef.

## HEILIGE GEES

By die doop verseker Hy ons dat Hy in ons woon. Hy maak ons die die Evangelie glo, omdat Hy ons nuut maak(weer gebore laat word). Hy oortuig ons van sonde en laat ons daagliks tot bekering kom. Daar is 'n gedurige stryd tussen die Gees en ons sondige vlees. Hoe meer die Heilige Gees beheer oor ons lewens kry, hoe meer word ons met die Gees vervul. Hy gee aan elke gelowige bepaalde gawes soos Hy wil tot voordeel van die gemeente.

## GOEIE WERKE

Ons probeer lewe soos wat God wil omdat ons gered is. As ons die pad byster raak, trek God ons terug deur beproewing en tugtiging. Iemand wat gered is, maak nie vrede met die sonde nie. Hy het berou daaroor en bely dit juis omdat Hy kind van God is. God se doel is dat ons al hoe meer die beeld van God moet uitstraal en gereed wees vir die weerkoms.

Lukas 15: 11 tot 24
Johannes 16: 8
Johannes 10: 28 en 29
Johannes 6: 39
Filippense 1: 6
Romeine 11: 35

Matteus 28: 19
Kolossense 2: 11 tot 14
2 Petrus 1: 2
Hebreërs 9: 15 tot 18
1Johannes 5: 6 tot 12
1 Korintiërs 6: 9 tot 11

Matteus 28: 19
Romeine 8: 14 tot 17
Johannes 3: 3
Johannes 6: 63
Galasiërs 5: 16 tot 26
Efesiërs 5: 18
1 Korintiërs 12

Efesiërs 4: 17 tot 5: 5
Hebreërs 12: 4 tot 13
1 Johannes 1: 8 tot 10
Romeine 4: 13
Efesiërs 4: 13
2 Korintiërs 11: 2
Matteus 25: 1 tot 13

Hy kan afvallig word en terug gly deur die sonde, dan is hy weer verlore. Nou moet hy eers weer sy sonde bely, tot bekering kom en weer vir Jesus innooi voordat hy weer gered kan wees. Hierdie patroon kan homself meermale herhaal - nooit seker of jy al jou sonde bely het en dus "veilig" is vir die ewigheid nie - daarom gedurig vir Jesus innooi net om seker te maak.

## DOOP

Die doop is teken van jy gedoen het - van jou bekering, geloof en gehoorsaamheid. Die water is hier simbool van 'n graf waarin die ou mens doodgegaan het en waaruit die nuwe mens opgestaan het. Dit is eintlik 'n teken aan God om vir Hom te wys wat jy gedoen het, nl. dat jy glo en gehoorsaam is. Net volwassenes wat tot bekering kan kom en vir Jesus aanneem en glo, kan gedoop word. Jy word gedoop sodat jy hemel toe kan gaan. Net mense wat groot gedoop is kan gered word.

## HEILIGE GEES

Eers nadat jy jou bekeer het en Jesus ingenooi het en gedoop is, nooi jy die Heilige Gees in om beheer te neem van jou lewe. Die Gees is soos 'n krag of invloed. Jy kan al hoe meer van Hom kry-dit is vervulling met die Gees. Daar is 'n gedurige verlange na 'n second blessing waar jy meer van die Gees kry as die ander. Dit gaan gewoonlik gepaard met besondere gawes van die Gees, soos spreek in tale. Lg. word beskou as bewys van redding, almal moet die gawe hê.

## GOEIE WERKE

Jy moet lewe soos wat God wil hê, sodat jy gered kan word. Deel van die goeie werke is sondebelydenis en bekering. Dis prestasies waarmee jy na God kan gaan om as sy kind aangeneem te word. Jy kan sekere sondes heeltemal afsterf en so al hoe meer sondeloos en perfek word. Die weerkoms word gevrees omdat jy nooit seker is of jy al jou sondes bely het nie.

Noël Schreuder.
Ned. Geref. Kerk Die Parke, Newcastle.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# SKRIF AAN DIE MUUR...!

## BEKERING OF GELOOF?

Geagte Ds. O'Reilly,

Uit u blad skemer dit deur dat u en u medewerkers wegskram van bekering in-die-tyd, wat behels 'n daad van "aanneem" van Christus. Dit lyk asof u dit beskou as 'n "meewerk" aan die redding. Asof die bekeerling homself sou red deur die Redder aan te neem of sy lewe vir Hom oop te stel. In die eerste uitgawe van VDM, op bladsy 16 en 28 word selfs hiermee gespot.

Ons vind hierdie neiging vreemd in Gereformeerde kringe. Dit is immers die oer-oue dwaling van die Anti-nomisme om alle mense reeds-gered-in-Christus te sien. Die mens moet hierdie feit net in die tyd sien en glo. Ook Barth het naby hieraan beweeg. Dit sou natuurlik 'n gerieflike teologie wees vir persone wat self nog nie werklik die Here aangeneem het nie.

Geen mens wat egter in eie ondervinding tot bekering gekom en Jesus as Here aangeneem het, reken dat hy daardeur meegewerk het aan sy redding nie. Christus het dit immers 100% volbring. Veeleer is die daad van "aanneem" 'n leë hand wat Christus as Persoon en die heil in Hom aanvaar. Soos die Nedl. Geloofsbelydenis in artikel 22 sê : "geloof maak Hom ons eie...." Ek moet nie net die feit aanvaar van Sy volbragte heilswerk nie, ek moet HOM ontvang. Ook die Dortse Leerreëls praat duidelik van 'n bekering IN-DIE-TYD.(1: 3, 16 en 2: 5 asook 4: 9, 10). In 2: 5 word ook van die EIS van bekering gepraat en in 4: 9 van 'n doelbewuste KOM na Christus toe. Ook Calvyn sê in sy Institusies, boek 3, hoofstuk 2 : 1 dat "God ons te hulp wil kom in Christus, AS ons maar met 'n vaste geloof hierdie barmhartigheid omhels". In 2: 6 sê hy die mens met Christus "aanneem". Dink ook aan 3: 20 "As ons dus vergewing van sondes aanbied, EIS Hy bekering ...." (ons kursivering).

Geen redenasie om LAMBANOO in Joh. 1: 12 en Kol. 2: 6 van betekenis te verander kan slaag nie. My redding beteken nie alleenlik dat ek die objektiewe feit van Jesus se heilswerk aanvaar nie, maar dit beteken ook dat ek HOM as Persoon subjektief aanvaar met 'n doelbewuste daad van aanname (lambanoo).

Ons verwys weer na die eerste uitgawe van u blad op bladsy 16 en 28. Besef u dat, indien dit waarmee gespot word, deur God as eg beskou word, u artikel en spotprent GODLASTERING is??

Hiermee maak ons ten sterkste beswaar daarteen en distansieër ons daarvan. Ons betreur dit dat NG Kerk leraars sulke materiaal kan versprei.

Groete.

C. Saayman, Ned. Geref. Kerk Ruyterwacht.
E.B. Maritz, Ned. Geref. Kerk Pretoria-Wes.

*Deur bekering-in-die-tyd, "aanneem", lewe oopstel, aanvaar, ontvang, geloof en Calvyn se omhels in dieselfde asem te gebruik verstrik julle, julleself in julle eie verwarring.*

*Wat die "meewerk" aan die redding betref sou dit natuurlik alles afhang van die inhoud wat aan die verskillende terme geggee word. Daarom sal dit veiliger wees om nie "leë hand" te gebruik om "aanneem" te verduidelik nie synde selfs Arminius juis dit gebruik het as voorbeeld van geloof!*

*Dit is ook verkeerd om te reken dat ons alle mense as reeds-gered-in-Christus sien. As persone wat werklik die Here aangeneem het weet ons dat die redding net geld vir die wat in Hom glo.*

*As ons egter die inhoude wat julle aan geloof en bekering gee reg verstaan is julle besig om die waarheid en die genade van die evangelie van Jesus Christus alleen te vernietig en probeer julle die dwaasheid dat die wet van Moses(bekering) kan red, regverdig. Die wortel hiervan is julle polêre benadering van subjektief-objektief, God se deel-mens se deel.*

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

*Daarom beskryf julle bekering-in-die-tyd as die manier waarop mens Jesus aanneem en dan gered word. Julle stel dit teenoor geloof-in-die-tyd en maak so 'n karikatuur van die reformatoriese geloof alleen waardeur jy gered word.*

*Wanneer ons dan bekering as daad van dankbaarheid verkondig (sien HKS 32) en nie as weg tot saligheid nie, beskuldig julle ons dat ons wegskram van bekering. Dit is natuurlik 'n flater omdat ons gereeld, eintlik elke Sondag, ons verbondsgemeentes oproep om die ou mens af te lê en die nuwe mens op te neem-bekering. (Sien HKS 33 en Pieter de Villiers se artikel in vorige uitgawe van VDM).*

*'n Nog groter fout is die implikasie dat ons LAMBANOO se betekenis sou wil verander. In Jh 1: 12 is dit tog doodeenvoudig 'n sinoniem vir geloof. Hoe jy dit ookal benader kan dit nooit 'n aantal stappe wees wat jy moet volg om die Here in jou hart in te nooi nie!*

*As 'n beginpunt om die hele verwarring op te klaar, sal dit baat om deeglike eksegese te doen oor Jh. 1: 12. VDM se bybelstudie oor Johannes sal dan ook oor twee uitgawes hierdie gedeelte onder die loep neem. Laat ons daarna weer verder gesels.*

## ONGEBONDE DUIWEL!

Geagte Redakteur,

In die laaste uitgawe van VDM het julle baie aarvan gemaak dat die duiwel gebind is. Maar nou wil ek vir u sê dat daar een duiwel is wat hom nie laat bind nie, al sê julle wat. En dit is die drukkersduiwel!

In die preek van ds. O'Reilly, p. 35 bo-aan sê hy: "In die kerk glo en verkondig ons die oorwinning van Satan." A nee a, ds. dis tog nie waar nie! Ons verkondig in ons kerk die oorwinning van JESUS CHRISTUS! Maar ons verkondig ook die oorwinning OOR die Satan.

Dit lyk dus of die drukkersduiwel nog die enigste duiwel is wat "alive and well is and living on planet earth."

Gaan so voort om die Evangelie oor die oorwinning van Jesus Christus te verkondig.

Vriendelike groete.
Gutenberg 1445.

*Ons maak sulke foutjies doelbewus anders word ons netnou nog van perfeksionisme ook beskuldig. As jy egter kans sien vir die risiko sal ons van jou proeflees hulp gebruik maak?*

## BEKERING, BALKE EN BINDINGE.

Geagte Redakteur,

Ek voel diep beswaard oor die aanmatigende en kwetsende manier waarop u en u medewerkers die inhoud van u blad aanbied.

U gee voor asof u die enigste lig van Evangelie het. U maak van weergebore Christene wat erns maak met hul bekering en 'n heilige lewenswandel voor God, 'n bespotting - so asof 'n mens nie bekering nodig het nie. Maar die geskiedenis het al bewys dat hierdie koue, verstandelike aanbieding van die evangelie net tot 'n vormgodsdiens lei - en u en u blad sal hieraan aandadig wees! 'n Mens moet weergebore wees. Dis 'n Bybelse opdrag. Anders sal jy nooit in die hemel kom nie.

U gee voor dat u 'n Christelike blad is, maar u eien u die reg toe om allerlei skimpe en stekies aan ander uit te deel. U sien so die splinter in ander Christene en kerke raak, dat u nie die balk in u eie oog raaksien nie.

Ek verwys hier na die insinuasie van ds. Kriel van Levubu in sy artikel oor die mag van die Satan. Hier beweer hy dat die kerke wat erns maak met satanisme, die kerke wat teen die Satan waarsku en mense wat gebind is bevry, dat hulle die eintlike Satanskerk is. Dis niks minder as laster nie! Daar is vandag meer mense in die NG Kerk wat gebind is, as enige

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

ander kerk. Die baie bevrydinge wat in baie NG Kerke plaasvind, is 'n bewys daarvan. Ek het ook gehoor dat die Sinode van die NG Kerk hierdie bindinge so ernstig beskou dat hulle 'n spesiale groep op die been gebring het om duiwels uit hulle lidmate te dryf.

Miskien het ds. Kriel self bevryding nodig. Dan sal sy oë dalk oopgaan om te sien waarmee die Satan besig is. Dominee, die Satan is elke Sondag ook in jou kerk hard aan die werk. Jy sien dit net nie raak nie. Jy sal nog uitvind dat jy nie met die Satan kan speel nie. Jy moet hom uitdryf in die naam van Jesus en deur Sy bloed. Ons sal vir jou bid.

Jacques Swanepoel.
Pretoria.

*Net soos u, glo ons ook maar net dat ons die dinge reg verstaan. Daarom is dit so belangrik en dringend dat ons sal gesels hieroor. Ten spyte van al ons swakhede, waarvan u maar net 'n paar uitwys, is ons oop vir gesprek en oortuiging en het ons nog genoeg piëteit om te glo dat God ons bymekaar kan bring as ons saam luister na sy Woord.*

*Ons moet net uiters versigtig wees dat ons nie liefdeloos en hoogmoedig is nie. Die koue, verstandelike godsdiens waarvan u byvoorbeeld praat het in die Hervorming 'n lewenskragtige kerk daar gestel. Veral is dit jammer dat u beleef dat ons skimpies en stekies wil uitdeel, want ons probeer nogal om reguit, eerlik en op die man af ons saak te stel.*

*Uit al die sake wat u noem is dit duidelik dat ons die evangelie heel verskillend verstaan, want natuurlik predik ons bekering, maar met 'n ander inhoud as wat u graag daaraan wil gee. Lees gerus ons antwoord op die brief van di. Maritz en Saayman op bladsy 17.*

*Wat u siening oor weergeboorte as opdrag betref sal dit goed wees as u die volgende VDM se bybelstudie oor Joh. 3 van nader bekyk sodat ons verder daaroor kan gesels.*

*U kritiek rakende ds. Kriel is na hom verwys vir 'n antwoord.*

*Tot 'n volgende keer.*

## ACSV : GETROU AAN DIE WOORD EN TER WILLE VAN DIE KERK DINAMIES OP WEG

Die artikel "ACSV - Quo Vadis?" het dalk 'n paar vrae by u wakker gemaak waarop ons graag antwoord. Ons vertrou dat die inligting u elkeen tot groter betrokkenheid by die ACSV sal aanmoedig.

1.Die ACSV aanvaar as uitdrukking van sy belydenis die drie Formuliere van Eenheid en verklaar volkome bereidwilligheid om te alle tye deur die kerke betreffende sy getrouheid aan hierdie belydenisgrondslag getoets te word. Die betrokkenheid van 315 predikante by kringleiersklasse, tientalle predikante op bestuursvlak, verteenwoordiging van teologiese fakulteite op hoofbestuursvlak, sitting van die Uitvoerende Hoof op die AJK- en IKOO-vergaderings en 'n oop en leerbare instelling van die Hoofkantoor, werk mee in hierdie kontrolering en suiweringsproses.

Tegelyk wil, mag en kan die ACSV nooit die werk van die Kerk aan sy jeug vervang nie, maar rus die ACSV sy lede toe om op sy arbeidsterrein(d.i. die skoolkampus) 'n volwasse en geïntegreerde geloofslewe te leef. So wil die ACSV die kerk dien en sien die ACSV sy bestaan juis twv die Kerk. Die ACSV erken die toesig van die belanghebbende kerke oor hul lidmate en beskou dit as die taak van die kerk om sy lidmate ten opsigte van leerstellige aspekte waaroor daar verskil van mening tussen die belanghebbende kerke mag wees, toe te rus.

2.Oor die verlossingslewe en die verduideliking daarvan, wil die ACSV altyd die klem laat val op die genade van God (Joh. 1: 13; Rom. 3: 24 en Ef. 2: 8) en aanvaar dat geloof die weg is waarlangs(bloot instrumenteel en nie konstituerend nie) die genade ons toegereken word.

3. Oor die sang en aanbiddingsgebruike soek/beywer die ASCV saam met talle gereformeerde kerke, getrou aan die beginsel van semper reformanda, spiritualitiets= beoefening wat God verheerlik en waarbinne die Woord steeds sentraal staan.

4.Oor die teologiese vrae rondom die okkulte (wat wel nie in die belydenisskrifte aangespreek word nie) wil die ACSV graag a) getuig dat Christus se oorwinning en verlossing voldoende is. b) Besef die ACSV dat die okkulte 'n werklikheid onder ons jongmense is en dat dit aangespreek moet word. c) Wil die ACSV nie meer erkenning gee aan die Satan(en sy mag) as wat hom as oorwonne teëstander toekom nie. d) Wil die ACSV nie 'n beradingstyl handhaaf wat gemeenteleraars se bediening of verbondsouers ontstel nie - leerstellige aspekte waaroor daar verskil van mening tussen die belanghebbende kerke is word vermy. e) Ons moedig deeglike evaluering van die oorsprong en agtergrond van die okkultiese kwellinge deur deskundiges aan. f) Alhoewel verbeteringe ten opsigte van okkultiewe gekweldheid deur verskillende bedienings= wyses plaasvind, verkies ons nie die demonstratiewe eksorsistiese wyse nie, maar die pastorale begeleidingswyse.

Die ACSV wil graag op 'n dinamiese wyse op weg wees na vernuwing onder jongmense. Om hierdie doel te bereik wil ons 'n jeug-tot-jeugproses (veral met jeugspanne) wat die verbeelding van jongmense aangryp, benut.

Ons wil ook met baie diens- en getuienisaktiwiteite die Koninkryk van God laat kom op skoolkampusse. Ons wil verder deur gesonde avontuur en pret jongmense laat snap dat die lewe in Christus geniet kan word.

Ons wil jongmense deur die Woord begelei om die regte norme en waardes te kies. Ons wil aan hulle die geleentheid bied om in groot groepe te getuig : Jesus is Koning! Met ons 65 000 lede uit 623 skole glo ons dat ons 'n verskil kan maak - 'n verskil aan ons jeug en aldus 'n betekenisvolle verskil aan môre en oormôre. Om hierdie verskil te kan maak sal ons mekaar se hande moet vat, sal almal wat wil suiwer en almal wat wil beweeg, almal wat wil waarsku en almal wat wil waag ... hande moet vat.

C.J. Carstens.
Uitvoerende Hoof.

---

## RASSISME?

Nav ons kommentaar in VDM se Junie uitgawe, "En ons het altyd gehoor dis hulle kultuur om so kerk te hou", wat volg op 'n evangelis in die NG Kerk in Afrika se bydrae in VDM dat "Hierdie mense kom net om in die kerk te speel en as hulle klaar gespeel het en die Woord word bedien dan slaap hulle", het ons enkele kritiese opmerkinge ontvang vanaf Ds. Wilhelm van Deventer, Proff. GC Oosthuizen en J du Preez. In hoofsaak kom dit neer as sou ons kommentaar rassisties en paternalisties wees.

*Ons het in die samelewing nou al gewoond geraak dat alle probleme aan apartheid toegeskryf word. Dis egter nuut dat as die vervlakking van die erediens bespreek word in 'n teologiese blad, politieke motiewe vermoed word. In die kerk sal ons daarteen moet waak om teologiese verskille te hanteer deur mense polities te diskrediteer.*

*Hiermee stel ons dit dan ook onomwonde en duidelik dat ons aanvaar dat die Ned. Geref. Kerk in Afrika en ook alle ander kerke op 'n bona fide wyse binne eiesoortige kultuurkonteks kerkhou.*

*Die kommentaar op bladsy 34, om die waarheid te sê alles op bladsy 34 wou doodeenvoudig waarsku, dat ons almal versigtig moet wees om nie kultuurverskynsels te gebruik as 'n verskoning vir pinksterisme nie.*

*Die verwysing wat die evangelis se bydrae voorafgaan:" ..alle gelowiges het probleme met hierdie ligsinnige vorm van aanbidding", maak tog enige rassistiese en paternalistiese verstaan onmoontlik, veral as 'n mens in ag neem dat in die res van die artikel dit gaan om 'n kategeseklas van die Ned. Geref. Kerk. se foutiewe verstaan van die erediens.*

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# Dis jammer dat die Kerk sy verbondskinders leer om Jesus aan te neem.

Dit hang natuurlik daarvan af wat met "aanneem" bedoel word.[1] As mens 'n kind aanneem beteken dit dat hy familie van jou word, soos wanneer ouers 'n vreemde kind aanneem. Voor die aanneming is daardie kind niks van die ouer nie, maar daarna word die kind wettig hulle kind en sorg hulle vir die kind.

En dis die probleem met die woord "aanneem", nl. dat God nie 'n Vreemdeling is voordat 'n verbondskind Hom begin vertrou nie! God is die Vader van al Sy verbondkinders en moet nie eers aangeneem word voordat Hy hulle Vader kan wees nie - dis belaglik. Trouens dit is God wat ons aanneem.

Dis net so belaglik as dat my kind my as sy Pa moet aanneem. (Goed, as ek 'n slegte pa vir my kind is, en my kind my nie geken het nie en ek 40 jaar later op die toneel verskyn kan daar dalk sprake daarvan wees dat my kind my moet "aanneem" as sy pa.) Maar ek sal beslis nie my 6-jarige of 14-jarige kind vra om my as hulle Pa aan te neem nie.

Waarom nie? Want daar bestaan reeds 'n vrolike en liefdevolle vertrouensverhouding tussen ons. Kyk, as ek vir my kind vra of hy my as sy pa wil aanneem, sal my kind vir my lag: hy dink net nie so oor my nie. My kind is my kind en ek is my kind se Pa... oor en uit. En, (dit laat my baie lekker voel), my kind wil ook nie 'n ander Pa hê nie, want ek en hy weet ons is vir mekaar bedoel en ons het mekaar lief. Ons is ten dode toe verbind!

Wat wel in my kind se lewe gebeur, is dat my kind my beter en beter leer ken en my steeds meer vertrou en liefkry. En, as ek 'n goeie Pa is, en ek probeer een wees, dan sal my kind my bewonder en verwonderd wees oor my.

Die doop is die plegtige verklaring van God dat Hy hierdie kind aanneem as Syne en hom in al die weldade van Christus laat deel en hom voortaan(met die ouers se hulp) versorg. 'n Verbondskind word in die familie van God (die kerk, die bondsvolk van God) gebore en nie in 'n plek van veiligheid totdat iemand anders hom kom opeis nie. Hy word ook nie in pleegsorg gebore of as stiefkind gebore nie. Allermins is God sy stiefpa. Hy is nie kandidaat vir Christus se Kerk nie, maar dooplidmaat van Christus se Kerk. God staan nooit neutraal teenoor Sy Kerk nie, ook nie teenoor Sy kerk se klein kinders nie: Hy het hulle innig lief - dit is die Evangelie!

Meer teologies gestel: In homself is 'n verbondskind as gevolg van sy erfsonde verlore. Maar omdat God die kind met sy ouers jammergekry het en in die genadeverbond laat deel(en die ouers reeds met Sy Woord en Gees omgepraat het om dit met blydskap te glo), neem God daardie kindjie ook ter wille van Sy Seun se geregtigheid aan en laat die kindjie deel in al die weldade van Christus.

'n Kind wat so uit sy verlorenheid deur God aangeneem word kan net dankbaar wees daaroor! Hoe hy(wat as gevolg van sy erfsonde geen regte gehad het) nou skielik agterna die reg toegesê word om die Here aan te neem, asof die kind nou die regter oor die Goeie Vader se (reeds bestaande) liefdesverhouding met hom kan wees, is in sigself reeds sonde. Dit veronderstel die outonomie van die mens teenoor God en so eet die mens weer van die boom van alle kennis. Hierdie menseregte-vryheidsidee om die kind die reg te gee om God eers weg te stoot sodat die kind die vryheid kan kry om regter kan wees om te kies of hy God wil aanneem, kom uit die

1 As met aanneem bloot glo bedoel word soos in Jh. 1: 12 is dit natuurlik 'n ander saak. Ter wille van moontlike misverstande is die mooi woordjie glo dan 'n beter woord.

humanisme en is nie die Bybel se vryheidsbegrip nie.

Die kategorieë vir die beskrywing van 'n verbondskind se verbintenis met die drie-enige God is nie "aanneem" nie, maar eerder "groeiende vertroue(geloof)", "verwondering" "blydskap" en "dankbaarheid" oor Sy groot genade.

Dis daarom jammer dat die Kerk sy verbondskinders leer om Jesus aan te neem, want
* dit kan mens verlei om te dink dat God Sy kerk se dooplidmate, voordat hulle Hom aangeneem het, stief behandel het - en dis verskriklike slegte nuus.
* dit kan mens ook verlei om te dink dat God eers vir 'n mens goed kan wees en kan red nadat jy Hom aangeneem het - en dis godslasterlik.
* en dit kan die dooplidmaat laat dink dat sy "aanneem" van Christus die grond vir sy redding is en dan word hy 'n sektariër in die Kerk - en hoe gaan hy dan werklik glo en bly wees en dankbaar wees?

As die Kerk nie meer in die genade van die Vader en in die geregtigheid van Christus aan goddeloses as die enigste grond vir redding glo nie, maar "aanneem" die grond vir redding maak, sal die Kerk sekte word en sterf.

Hennie van Schalkwyk.
Ned. Geref. Kerk Malvern

# RADIOKANSEL

## OPENBAAR SY ONGEREFORMEERDE HART.

Dit het tyd geword dat Radiokansel duidelik en onomwonde sê waar hy staan. Kom ons gee u 'n paar feite:

Aldus Radiokansel se uitsaaibeleid is hy **"nie 'n kerk nie, maar wil die Kerk van die Here tot diens wees."** Daarom moet hy op een of ander wyse die probleem van die een Kerk van die Here en ons baie kerkgenootskappe hanteer. Hy ondervang dit deur in sy uitsaaibeleid dit duidelik te stel dat uitsendings aan 'n aantal vereistes moet voldoen. Onder andere die volgende: Dit moet ...**"Kontroversiële dogmatiese standpunte vermy."**

Op die vergadering van die Ring van Boksburg op 5 Augustus 1992 antwoord ds Kosie Loots, die streekverteenwoordiger van Radiokansel, soos volg op die vraag wat onder "kontroversiële dogmaties standpunte" verstaan word: **"Die kleindoop, die verbondsteologie en die uitverkiesing is voorbeelde van sulke kontroversiële standpunte."**

Daar het ons dit, wat ons al lankal vermoed het, uit die perd se bek: RADIOKANSEL IS NIE GEREFORMEERD NIE! Of duideliker gestel: **Die gereformeerde teologie is verbode oor die senders van Radiokansel!** Of dink Radiokansel dat daar nog verlangs 'n reukie van gereformeerdheid oorbly as jy die die verbondsteologie en die uitverkiesing uitgesmyt het? Die Gereformeerde teologie draai immers om Gods genadige besig wees met die mens, onder andere in die uitverkiesing, soos vergestalt in sy verbond in Christus. **So 'n afgewaterde trekseltjie soos Radiokansel voorstaan, kan mos nie anders as om meedoënloos voort te snel op die pad van metodisme en piëtisme om uiteindelik oor die afgrond van arminianisme te stort nie.**

Radiokansel het in die ou slagyster van sg. interkerklike organisasie wat "die Kerk wil dien" getrap - hy moes teen wil en dank 'n keuse maak anders val hy tussen die twee stoele deur. **En sy keuse was teen Gereformeerde teologie.**

Dawie Bredenkamp, W.D. Jonker, Emile Naude.
Ring van Boksburg.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

Preek Ou Testament

# HERE, WANNEER HET U MET MY BEGIN?

**Jeremia 1 : 4 - 8 en Efesiërs 1 : 3 - 14.**

**Hierdie preek kan slegs sinvol gepreek word indien die prediker die materiaal wat in die beeld gebruik word fisies kan kry en gebruik. Dit is 'n drankbottel met 'n klein nek en 'n volgroeide peer (soms ook 'n ander soort vrug) in die bottel. Die preek is bedoel om tydens die bediening van die doop aan verbondskinders gebruik te word. Die skets hierby gee 'n idee van hoe die bottel met die vrug daarin lyk.**

*In hierdie drankbottel is 'n volgroeide, ryp peer. Soos u kan sien is die bek van die bottel heeltemal te klein om die peer daardeur in die bottel te kry sonder om die peer of die bottel te verwoes.* **Die vraag is, hoe kry hulle die peer in die bottel?**


*As ons die proses hoe hulle die peer in die bottel gekry het verstaan, kan ons daaruit geweldig baie leer van die verbond wat God met Sy gemeente sluit en die doop as teken.*

*Die boer wat die peerbome waarvan hierdie peer afkomstig is versorg, bestudeer die bome baie noukeurig. Nadat die peerbome geblom het, vorm die klein vruggies aan die dun takkies van die bome. Die boer vat hierdie klein peervruggie en - sonder om die vrug of die boom enigsins te beskadig - plaas hy dit in die bottel. Langs die boom word 'n paal geplant waaraan die bottel vasgebind word vir die tydperk wat dit die peer neem om te ontwikkel. Die plant voed en versorg die peer in die bottel.* **Het die peer self in die bottel geklim? Nee, die boer het dit in die bottel gesit.**

## 1. "JY IS MYNE" Sê DIE HERE

Net so word die kinders van gelowige verbonds= ouers, reeds van voor hulle geboorte af deur God in Christus en Sy heilswerk geplaas en beseël. U sien, dit is wat ons uit die lewe van Jeremia leer. God het beslag gelê op sy lewe nog voor sy geboorte. Jeremia word aan God verbind sedert die begin van sy bestaan.

Verder nog, hy word deur God bestem om 'n sekere roeping, 'n lewe van toewyding aan God te



leef. Net so word verbondskinders in Christus aan God verbind om in verbondenheid met Christus te lewe, 'n lewe aan God gewy.

Hoor hoe skryf Paulus in Efesiërs 1: 4 en 5 oor hierdie wonderlike genade waartoe God ons in Christus uitverkies het:

"So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons *in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In Sy liefde het Hy ons volgens Sy genadige beskikking toe al daarvoor bestem om deur Jesus Sy kinders te wees*".

Luister net hoe fantasties word dit vir ons gesê in Ps. 22 waar die digter in sy noodsituasie besef dat hy vanaf die begin van sy lewe aan God behoort: *"Van my geboorte af is ek onder U sorg, van die begin van my lewe af is U my God."*

**U sien, hierdie peer in die bottel word as't ware in die bottel gebore.** Dit is presies hoe die kinders van gelowige ouers - selfs al word hulle as sondaarmense gebore - in Christus aan God behoort. Het u gehoor toe ons die formulier vir die bediening van die doop gelees het "**.. dat ons en ons kinders nogtans in Christus aan God behoort".**

## 2. GOD BEWAAR SY KINDERS

Terwyl die peer groei kan ons dit tog nie van die boom afsny nie. Die moederplant moet die peer voed en laat groei. Dit doen die boom terwyl die peer in die bottel is. Daar word die peer grootgemaak.

Verder is die peer natuurlik absoluut veilig in die bottel. Die bottel beskerm die peer teen hael, teen voëls, goggas en baie ander verwoestende elemente. **Net so is ons in Christus deur God as sy volk beseël, om heilig en onberispelik voor Hom te lewe.**

Dit is dan ook die gelowige ouers se roeping om hulle kinders geestelik in Christus te versorg en hulle so laat opgroei in hulle verbondenheid aan God.

Elke verbondsouer moet besef dat hulle kinders, **alhoewel hulle as sondaars in die wêreld gekom het, hulle nogtans in Christus aan God behoort.**

Dit is die ouers se taak om hulle kinders in hierdie waarborg en sekerheid te vorm en op te bou om as volwasse lidmate van Christus se kerk in hulle verbondenheid aan God te lewe.

Dit is die wyse waarop God ons kinders se geloofslewe opbou en versterk. Deur die ouers se lewensvoorbeeld, getuienis, toewyding en liefde vorm God die verbondskind tot 'n volwasse gelowige.

Ouers wat passief is in terme van huisgodsdiens, kerklike meelewing en die dankbare uitleef van hulle redding is aktief besig om die werk van God in hulle kinders se geestelike lewens te verwoes en teen te staan.

Dit is iets waarvan nie een van ons beskuldig wil word nie. Daarom moet ons roeping ten opsigte van ons kinders die erns van ons daaglikse lewe wees.

## 3. 'N EWIGE BEWARING EN VERBONDENHEID

Terug by die vrug in die bottel. Hierdie vrug groei nie slegs in die bottel nie, hy sterf ook in die bottel. Wanneer die boer besluit dat die vrug sy volle wasdom bereik het word die vrug gepluk en in die bottel bewaar.

Dit is die wonder van ons verbondenheid aan God in Christus. Dat God ons nie alleen in Christus vanaf die begin van ons bestaan opneem in sy genadeverbond en ons daarin laat opgroei en vorm nie, maar **dat Hy ons ook in Christus tot die ewige lewe laat sterf.**

Van hierdie wonderlike waarborg is die doop 'n teken en 'n seël. Dit is met ander woorde die manier waarop God vir ons hierdie verbondenheid aan Hom op 'n sigbare wyse toesê en bevestig.

Ja, ons kan sê dat die doop die waarborg is dat God Homself in Christus aan ons vasbind om ons God te wees sodat ons Sy volk sal wees.

As verbondsouers moet ons ons kinders geestelik hierin grootmaak. Die doop is die teken van die bloed van die Here Jesus waardeur ons tot in alle ewigheid aan God behoort. Amen.

Frik Huisamen, Ned. Geref. Kerk Pretoria en
Pieter de Villiers, Ned. Geref. Kerk Witfield-Wes.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

STUDIE 4

# DIE CHRISTELIKE TROOS (4)

## Hoe deel ek in hierdie troos?

*In studie 1 is genoem dat die enigste troos vir die sondige mens uit louter genade deur God geskenk word - SOLA GRATIA. Die wyse waarop hierdie troos aan die mens bekend gestel word nl. SOLA SCRIPTURA is in studie 2 bekyk.*

*Nou ontstaan die vraag hoe die mens in hierdie troos deel. Voordat ons daarna kyk beantwoord eers die volgende vrae:*

| | | |
|---|---|---|
| 1. Alle mense deel outomaties in die troos. | W | O |
| 2. Die mens moet darem sy kant bring, want nie elkeen wat sê: "Here, Here, sal gered word nie." | W | O |
| 3. Die troos is van die (vrye) wil van die mens afhanklik. | W | O |
| 4. Al die genadegawes van God word die mens slegs aangebied en hy moet self kies. | W | O |
| 5. Sekere mense se geloof is te klein en daarom kan hulle nie getroos leef nie. | W | O |
| 6. 'n Christen kan verlore gaan omdat hy die Bybel nie goed genoeg ken nie. | W | O |
| 7. Die christen wat nie self tot die einde toe volhard nie gaan verlore. | W | O |
| 8. Die christen wat soms of nog twyfel se saak met God is nie reg nie. | W | O |

Wat is die doel van al die vrae(dit kan nog tienvoudig vermeerder word) waarop baie mense eerder 'n verduideliking sal wil gee as om net waar of onwaar te antwoord?

Die doel is om aan te toon dat die mens dikwels nie die genade alleen as voldoende vir verlossing aanvaar nie, maar 'n verskeidenheid voorwaardes vir verlossing stel. Van die algemene voorwaardes wat gestel word(en wat gewoonlik ook met 'n teksvers verdedig word - elke ketter het sy letter) is:

### 1. Goeie werke

Die gelowige wat nie goeie werke, of nie genoeg goeie werke doen nie, word as verlore beskou. Die standaard waaraan 'n mens

gemeet word, verskil dan ook van "beoordelaar" tot "beoordelaar". (In 'n lys van "die minimum vereistes vir christenskap" is ten opsigte van dankoffer bv. R200 as minimum genoem).

Ons moet egter goed besef: Geen goeie werk is goed genoeg nie! Al is jy hoe nougeset, jy is te geset vir die nou poort.

Die NGB Art.16 vra wie kan daarop roem dat hy uit homself iets goeds kan doen? Gemeet aan die optrede van 'n ander mens kan ons dalk nog kwalifiseer, maar gemeet aan God se standaard, Christus - helaas ......

Die beste werke is onvolkome en dus onvoldoende en daarom strafwaardig (H.K. vr. 62; DLR 3\4.3 en NGB Art.24).

Deur Christus word ons geregverdig, nog **voordat** ons enige goeie werk kon doen!(NGB Art.24).

Christus se goeie werke word ons s'n! "*Hy reken ons sy* **hele verdienste** *toe en ook* **al sy heilige werke** *wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het*." (NGB Art.22).

Daarom moet ons ook gunstig oordeel teenoor iemand wat sy geloof bely (DLR 3\4.15).

## 2. Die (vrye) wil van die mens

Dikwels word die menslike werkswyse van: ek help net iemand wat gehelp wil word, op God se genade toegepas. Sodoende word die menslike vrye wil as voorwaarde vir verlossing gestel. Ons belydenisskrifte verwerp die vrye wil van die mens as voorwaarde vir troos, omdat die mens se vrye wil hom van God losgeskeur en in die verderf gestort het en dit hom nooit kan laat opstaan nie (NGB Art.14; DLR 3\4.1 en 16).

Alhoewel die mens dus nog 'n wil het (DLR 3\4.16) kan dit hom nooit red nie.

God herskep in sy genade ook die wil. "*Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig ... hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil*". (DLR 3\4.16).

Sowel die WIL om te glo as die geloof self word in die mens tot stand gebring (DLR 3\4.14). Hy stort deur sy Gees nuwe eienskappe in die wil. Hy beweeg en versterk die wil ... (DLR 3\4.11).

## 3. Eie kennis

God openbaar Hom aan die mens en die mens leer God op verskillende maniere ken(studie 2).

Dit gaan egter nooit oor die hoeveelheid kennis wat die mens self opdoen deur bv. bybelstudie of kursusse of inspanning nie. Dit gaan om die geopenbaarde kennis van die Gees, di) kennis wat vir wyse en slim mense verborge is, maar aan eenvoudiges(kinders) geopenbaar is (Mt. 11:25-27). Die kennis wat nie deur studie bereik word nie, maar net deur genade. "*Wie sal roem op sy eie kennis as die mens wat die Gees van God nie het nie, nie die dinge van die Gees van God aanvaar nie.*" (1 Kor. 2: 14) (NGB Art. 14)

## 4. Volharding

'n Laaste voorwaarde wat ons hier noem, alhoewel daar nog talle gestel kan word, is volharding.

Dikwels word die christen vermoei en onseker gelaat en sy troos ontneem omdat die volharding as voorwaarde vir troos gestel word. Indien ons egter aan eie kragte oorgelaat was, sou nie een van ons kon volhard nie! (DLR 5.3).

Volharding dui nie op eie verdienste of inspanning nie, maar op die voortdurende rus in God se genade, selfs al het ek weer gesondig.(DLR 5.8-9) Die Gees maak die sekerheid van volharding in die gelowige wakker ook in sy ergste stryd (DLR 5.11). Die volharding is 'n vrug van die genade en word deur die krag van die dood, opstanding en voorbidding van Christus aan die gelowiges geskenk. (DLR 5.1).

## Konklusie

Christus se goeie werke word ons s'n (NGB Art.22). Die Gees vernuwe die wil en skenk die saligmakende kennis. Daarby is die volharding ook 'n genadegawe waarvan die gelowige verseker kan wees, omdat God dit belowe het (DLR 5.10).

Die vraag bly egter hoe deel ek in die troos as dit nie deur goeie werke, die wil, kennis of volharding is nie?

Die derde reformatoriese spreuk is die antwoord - SOLA FIDE. Deur geloof alleen!

"*Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons hart laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes*". (NGB Art.22).

Geloof is egter ook nie die menslike prestasie asof 'n groot geloof die mens kan red en 'n klein geloof hom laat verlore gaan nie. "... *geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar Christus is ons Geregtigheid!*" (NGB Art.22).

Geloof in Christus is 'n genadegawe wat van God af kom(DLR 1.5) wat die mens salig ombuig en nie aangebied word nie, maar geskenk word!(DLR 3\4.14).

Die "glo" en "aanneem" van Joh. 1:12 is dus sinonieme en is 'n genadegawe van God. Meer die "aanneem" is 'n passiewe imperatief en word in Engels met "received" vertaal en nie met "accept" nie.

Om te glo is om God op sy woord te neem, en om dit te doen is volgens God se wil(Gen.15: 5-6).

Ons deel dus in die enigste troos slegs deur God op sy woord te neem, sy woord dat sy genade vir ons genoeg is, selfs al is ons werke ellendig, ons kennis gebrekkig, ons wil sondig en ons volharding slap. Al Christus se dade is ons s'n - neem God daarvoor op sy woord.

Sola fide, Sola Scriptura en Sola Gratia wys alles net na Christus en om te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie en dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, is 'n gruwelike godslastering, want dit sal beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is!(NGB Art.22).

Die enigste troos in lewe en sterwe is louter genade wat God in Christus aan ons geopenbaar en geskenk het en die enigste wyse waarop ons daarin kan deel is deur geloof (deur God op sy woord te neem).

**PREEKSKETS**

# GELOOFSEKERHEID.

**Gal. 6:11-18 en Fil. 3:1-11**
**Teks: Gal. 6: 14**

'n Persoon wat 'n Engelse vriend wou bearbei het by geleentheid aan 'n ander vriend gevra wat geloofsekerheid in Engels is. Die antwoord was: "Ek weet nie eens wat is geloofsekerheid in Afrikaans nie, hoe sal ek nou weet wat dit in Engels is?"

Die ontstelde "bearbeider" wou weet "Maar wat van jou bekering en oorgawe aan die Here, dit moet jou mos sekerheid gee"?

'n Tweërlei probleem kom hier na vore: Eerstens 'n gebrek aan sekerheid en tweedens 'n selfversekerdheid wat nie geloofsekerheid is nie.

### 1. 'n Gebrek aan sekerheid

Hiervoor is daar twee algemene redes:
a. Die mens kyk na sy eie sondigheid, 'n sondigheid wat t.s.v. die beste bedoelings weer in dade oorgaan, en a.g.v. hierdie sondigheid

besluit hy dat geen sekerheid moontlik is nie.

b. Dit is darem te selfverheffend om te dink dat 'n mens kan sekerheid hê. Niks ter wêreld is in elk geval seker nie.

## 2. Selfversekerheid in plaas van geloofsekerheid

Baie mense sê dat hulle baie seker is en grond dit op dinge soos hulle bekering - gewoonlik vooraf gegaan deur 'n "enorme ervaring", of 'n "aanneming" van die Here of die een of ander subjektiewe belewenis. Paulus sê hy sou op baie dinge kon roem(Fil. 3: 4 e.v.). Ons sou seker nog sy Damaskuspad ervaring(bekering) ook kon noem. Paulus self gebruik dit egter net om sy apostelskap te verdedig.

Dikwels gebeur dit dan ook dat die selfversekerdes die geloof van ander in twyfel trek omdat hulle nie dieselfde selfversekerdheid het nie.

## 3. Wat is geloofsekerheid?

Dit is eintlik 'n toutologie (stapelvorm) want geloof **is** sekerheid. Geloof is om God op sy woord te neem en hierdie woord is seker!

Ongeloof is dan om God se woord nie te aanvaar as die waarheid nie.(Vgl. 1 Joh. 5: 10-12). Geloofsekerheid hang dus nie af van **my** geloof, groot of klein nie, maar van my geloof in Jesus Christus - dus in WIE ek glo.

## 4. Die grond van hierdie sekerheid

Die sekerheid lê buite myself, waar dan? In die gelese gedeeltes - wetsonderhouding, besnydenis, uiterlike dinge. Die grond was dus hulle dade.

Kan dit stand hou selfs in die ellendigste toestande, selfs in die dood? Sekerlik nie.

Die enigste grond - Gal. 6:14 "... *die kruis van ons Here Jesus Christus* ...". Kohlbrugge het gesê sy datum is 33 n.C. die Vrydag op Golgota. Daarom kan ons vashou selfs tot in die dood. (Lees 1 Kor. 1: 29-30).

Hierdie grond van sekerheid is reeds by die doop beseël en die lidmaat wat belydenis aflê eien hom dit toe. Sy belydenis word 'n eggo van die doop.

Net oor Christus se verlossingwerk kan uitgeroep word: Dit is volbring. Geeneen van ons werke dra die stempel nie. 2 Kor. 1: 19-20 geskied dus: "*Jesus Christus, die seun van God ... Hy is die "ja"... op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê.*"

## 5. Die wyse en gevolge van geloofsekerheid

"*Mag God verhoed ...*" Omdat die mens graag wil roem, bestaan die gevaar altyd dat hy iets sal soek om oor te roem, iets in homself, daarom is afhanklikheid ook hier nodig. Dit is waarom Paulus bid: *Mag God verhoed* ..." (Vgl. Mk. 9:24).

Hierdie mens se lewe word gekenmerk deur:
1. Die wêreld is vir hom dood - dit gryp hom nie aan of bied nie geluk nie.

2. Hy is vir die wêreld dood - die wêreld kan hom nie besit of vernietig nie.

Dit is waardeloos(Fil. 3:7-8). Hierdie sekerheid bring vrede - dit oortref alles in waarde.

Ek is verseker: *vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek Christus glo*(Fil. 3: 9).

Ons leef in 'n veranderde wêreld, 'n wêreld waar ons sovele onsekerhede ervaar. Ons kennis is beperk, ons dade onvolkome, ons wil gebrekkig en daarom is daar geen sekerheid in onsself nie. Die kruis van Christus is ons enigste sekerheid vir tyd en ewigheid. Laat dit ons enigste roem ook wees.

Neem God op sy woord dat Christus se weldade joune is, daarmee kan jy die toekoms, die ewigheid tegemoet gaan.

Alwyn Roux.
Ned. Geref. Kerk Selcourt.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# Wat sou die kerk vandag gewees het?

**'n Mens wonder wat sou die kerk vandag gewees het as die apostels in die jaar 48 n.C nie kon praat oor of die onderhouding van die seremonies van die wet vir gelowiges nog geldig is nie, omdat hulle aan die meer ernstige saak van versoening tussen die Samaritane en die Jode aandag moes gee om die bloedvergieting tussen die twee groepe te voorkom?**

As **ter wille van** die veranderende houding van die staat en die positiewe gesindheid van die eerste keiser wat die kerk erken het, die kerk met die Sinode van Nicea in 325 n.C. nie hulle tyd bestee het op so 'n teoretiese saak - of Jesus in wese een met die Vader is of nie ?

As die kerk in 381 n.C. nie bereid was nie om baie kerkleiers en kerkgroepe tot dwaalleraars en dwaalgroepe te verklaar omdat hulle nie saam gestem het nie, met so 'n tegniese punt soos dat "die Heilige Gees van die Vader en die Seun uitgaan" - **ter wille van** die groter eenheid in getuienis met die eerste grootskaalse sendingmoontlikheid onder die Gote?

As die kerk nie in 431 n.C. 'n bitter stryd met geweldige verdeeldheid gevoer het oor of Jesus werklik God en werklik mens is nie, **ter wille van** eenheid om die kulturele waardes en wetenskaplike onderrig van die beskaafde wêreld te behou teen die barbarisme wat die ryk oorspoel het nie? (Rome, die sentrum van beskawing is in 410 n.C. deur barbaarse stamme geplunder).

As die kerk in 680 n.C. nie bereid was om die steun van die Christene in die ooste, wat die frontlinie van die Christendom teen die groot Moslem gevaar was, te verloor vir so klein sakie soos om eensgesind te wees oor die standpunt dat in Jesus as persoon twee wille gefunksioneer het nie?

As Martin Luther in 1517 nie die ganse Europa in verdeeldheid en godsdientige oorloë gedompel het nie, met so 'n geestelike sakie soos of boetedoeing of geloof in Jesus 'n mens red, **ter wille van** die kerk se getuienis en die Europese invloed in die oopgaan van kontak en skakeling met al die nasies van die wereld wat deur die Europese ontdekkings en handelroetes oor die oseaane van die see vir die eerste keer in die menslike geskiedenis toeganklik gemaak is nie ?

Ons sou seker die grootse en magtigste godsdiens ter wereld gewees het wat met ons eensgesindheid die Moslems sou verpletter het voor hulle nog kon opstaan, wat die ganse wereld kon gewen het in die uitbreiding van die Europese magte.

Ons kon waarskynlik die enigste godsdiens teen die tyd op aarde gewees het. Met die verskil, **ons sou nie die kerk van die Here Jesus Christus gewees het nie** en die Evangelie sou al in 48 n.C. tot net nog 'n Joodse sekte versink het in die wettiese gees van mense soos Petrus en Jakobus teenoor Paulus.

Omdat die kerk egter bereid was om die Evangelie nooit **ter wille van** te laat wees nie - is ons nog steeds vandag kerk van Christus in die waarheid van die Evangelie.

Wonder wat ons kinders eendag gaan wees as die kerk nie vandag tyd het en nie kan praat oor die waarheid van die Evangelie teenoor die bygeloof van die Pinkstergeestelikheid nie, **ter wille van** eenheid teen die morele verval van die gemeenskap, **ter wille van** versoening tussen rasse, **ter wille van** die een stem wat praat in die groot sendingvelde wat oopgaan, **ter wille van** vrede as prioriteit in 'n onrus gemeenskap, **ter wille van** die behoud van beskawing en kultuur, **ter wille van ....?**

Athanasius.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

PREEKSKETS NUWE TESTAMENT

# SKULDBELYDENIS?

1 Joh. 1: 9

| | |
|---|---|
| **VOTUM:** | Ps. 103: 8-13 |
| **SEëNGROET:** | Begenadiges, ek groet u.. |
| **LOFLIED:** | Ps 33: 1, 2 en 6. |
| **SKRIFLESING:** | 1 Joh. 1: 5-2:2 |
| **PREDIKING:** | 1 Joh. 1: 9 |

Hierdie vers ken ons almal baie goed. Ons het dit soveel keer al gehoor. Dis sekerlik een van die mees gebruikte tekste. Die vraag is egter of ons dit reg verstaan?

Meesal word dit verstaan asof sondebelydenis 'n voorvereiste vir die vergifnis van God sou wees. Dit impliseer dat God afhanklik is van ons belydenis voordat Hy ons kan vergewe.

*Johannes wil nie regtig 'n saak uitmaak vir "sondebelydenis" nie. Hierdie begrip kom slegs vier keer in die Nuwe Testament voor.*

Is dit wat Johannes hiermee wil sê? Nie maklik nie. Om die waarheid te sê wil hy nie regtig 'n saak uitmaak vir "sondebelydenis" nie. Ook die res van die Nuwe Testament maak nie veel daarvan nie. Die begrip sonde bely kom slegs vier keer in die Nuwe Testament voor.

Om hierdie teks reg te verstaan moet ons let op:

1. Johannes se skryfstyl van hierdie vers(taal en tydsduur).
2. Die rede wat aanleiding gegee het tot die skryf van die teks.

## 1. Skryfstyl

In die gelese gedeelte is 'n baie interessante patroon. Ons vind baie voorwaarde sinne. Dit is nou sinne wat elke keer met die woord "AS" begin.(Vers 6, 7, 8, 9, 10, 2:1).

Johannes begin hierdie spesifieke gedeelte met die woorde van vers 5: "*God is lig en in Hom is daar geen duisternis nie.*"

Dit vorm die agtergrond. Hulle wat glo, is kinders van die lig en doen dinge van die lig. Ongelukkig was daar mense wat wel die dinge van die duisternis voorgestaan en gepreek het. Dwaalleraars. Met hierdie voorwaarde sinne reageer Johannes nou op hierdie dwalinge wat geimpliseer word.

As mens die werkwoorde se tyd in ag neem sou mens dit as volg kon vertaal: "Wanneer ookal(elke keer/so dikwels as) ons, ons sonde bely, is Hy getrou en regverdig om ons sonde te vergewe en van alle ongeregtigheid te reinig."

*As sondebelydenis 'n vereiste vir vergifnis was, sou Johannes die toekomstige tyd gebruik het*

Meer, indien sondebelydenis 'n vereiste is voordat God my sonde sal vergewe, sou Johannes hierdie vers in die toekomstige tyd geskryf het.

Johannes wil egter 'n reeds bekende werklikheid aan die orde stel. Nie iets nuuts nie. Naamlik, dat die Here Jesus aan die kruis betaal het as 'n volkome versoening vir ons sonde. So het hy vir ons die geregtigheid verwerf. So getrou en regverdig is God.

Daarom moet ons hierdie teks eerder verstaan as "Omdat God getrou en regverdig is, bely ons ons sonde." Of nog beter "Omdat God getrou en regverdig is en sonde vergewe, bely ons ons sonde."

## 2. Die beweegrede van Johannes.

Uit die agtergrond van die brief is dit duidelik dat Johannes besuig is om dwalinge te bestry en belangrike waarhede te bevestig.

Een van die dwalinge was die stelling: "Ons het geen sonde nie." Hierdie mense het beweer dat hulle deur 'n spesiale openbaring, mistiese kennis van God gehad het en daarom nie die eintlike openbaring in Jesus Christus nodig gehad het nie. Weens hulle direkte mistiese

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

gemeenskap met God, het hulle ook nie sonde nie. Hulle het dus nie gehuiwer om voor mense te sê dat hulle nie sonde het nie.

Johannes reageer nou hierop. Vir hom gaan dit oor die openbare belydenis van sonde teenoor hierdie mense se openbare ontkenning van sonde. Johannes wil vir sy lesers sê dat hulle kan maar sonde bely. God is getrou en regverdig. Hy vergewe, dit is 'n bekende feit.

Blaai ons verder deur die brief van Johannes kry ons nie weer die begrip "sondebely" nie. Wel baie oor sonde, maar niks meer oor sondebelydenis. Ook nie veel in die res van die Nuwe Testament nie.

*Wie glo dat Jesus Christus vir sy sonde betaal het, kan nie stil bly nie! So iemand wil sonde bely!*

Waaroor die Nuwe Testament baie praat is die versoening van sonde. Ja, vir die skrywers van die Nuwe Testament is dit baie belangriker om te praat oor die regverdigmaking deur Jesus Christus.

Dit is 'n leuen om te sê ek moet eers my sonde bely voordat God dit vergewe. Die teendeel is veeleerder waar. Wie verstaan dat God, in Jesus Christus, die volle prys vir sy sonde betaal het, kan nie anders as om sy sonde raak te sien en te bely nie. Hy wat die getrouheid en regverdigheid van God ontdek, wil sonde bely. So iemand kan nie stil bly nie!

Let wel sondebelydenis is mensewerk, dit red nie. Dit hoort tuis onder dankbaarheid. Amen.

**SKULDBELYDENIS:** Kom ons wat die genade van God in Jesus Christus ken en glo bely nou ons skuld as ons Ges 57: 1 saam sing.

**VRYSPRAAK:** 1Joh. 1: 9

**DANKLIED:** Ges 230: 1-3

**DANKOFFERS:**

**DANKLEWE:** As vrygemaaktes luister ons nou na die wet van die Here omdat ons uit dankbaarheid daarvolgens wil gaan leef. Lees enige deel uit 1 Joh. 3 of 4.

**SEëN:**

Willie du Toit.
Ned. Geref. Kerk Malvern.

